



Hierdie kinderboek  
probeer nie hartseer  
wegpraat nie.  
– Bl 14

Navorsers kyk na  
beroepsnobisme  
in kerkomgewing.  
– Bl 6



# KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

19 Februarie 2021

[www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) • [facebook.com/kerkbode](https://facebook.com/kerkbode)

Deel 206 – Nummer 2



Eredienste:  
**Die nuwe  
'welkom'**  
– bl 10

## Die 2021 Jaarboek is nou beskikbaar.

Jaarboek van die NG Kerke bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland.

Jaarboek van die NG Kerke 2021 verskaf al langer as 160 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate.



**\* Beperkte voorraad beskikbaar!**

## 2021 Jaarboek

**1-3 BOEKE: R365 elk**

**4+ BOEKE: R345 elk**

**CD: R285 elk**

Let wel: Die CD kan NIE opgedateer of gekopieer word nie.

**BOEK EN CD: R435 per stel**

**bm**  
Bybel-Media

Direkte bestellings: [bestel@bmedia.co.za](mailto:bestel@bmedia.co.za)  
Deeloproep: 0860 26 33 42  
E-aankope: [www.bybelmedia.org.za](http://www.bybelmedia.org.za)



## NG KERK GEORGE-BERGSIG

Die kerkraad van NG Kerk George-Bergsig wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die onderstaande pos.

### VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS

#### Gemeenteprofiel:

Bergsig Gemeente se visie is: "God verander lewens, Hy stuur ons om sy liefde te leef." Hierdie liefde vir God, mekaar en die wêreld is wat Bergsig se roeping kenmerk. Dit is ons strewe om in verhoudings ons visie uit te leef en die Goeie Nuus van Jesus Christus tot in die uithoeke van die wêreld te verkondig. Getuïenis, barmhartigheid en dissipelskap lê ons baie na aan die hart.

Bergsig is geleë in George en het ongeveer 1 859 belydende en 380 dooplidmate. Die gemeente het tans een voltydse leraar, 'n diensleraar en 'n emerituspredikant wat die bediening aan die senior lidmate behartig.

#### Leraarsprofiel:

Die gemeente is op soek na 'n gelegitimeerde predikant wat die verantwoordelikheid van die getuïenis- en barmhartigheidbediening sal behartig. Die kandidaat moet 'n liefde vir God en mense hê en veral 'n passie vir plaaslike en internasionale sending, sowel as barmhartigheidsdiens in die gemeenskap.

Die verwagting is iemand wat:

- 'n Lewende, passiewolte verhouding met die Here het, wat deursyfer in die manier waarop hulle alles in die bediening aanpak.
- Goed in 'n span kan werk en geken word vir hulle bereidheid om hulle eie agenda te verruil vir die belange van die gemeente.
- Ervaring het in die bedieningsvelde van getuïenis en barmhartigheid.
- Beide administratief en visionerend verantwoordelikheid vir hierdie twee bedieningsvelde kan neem.
- Nuwe perspektiewe en inisiatiewe na die tafel kan bring oor plaaslike evangelisasie en uitreik na die gemeenskap.

Ook die normale take van 'n predikant soos in artikel 9 uiteengesit met ywer kan nakom. Dit sluit in:

- Skrifgetroue Woordverkondiging.
- Pastorale versorging.
- Geestelike leierskap.
- Toerusting van lidmate.

#### Vergoedingspakket:

- Volgens sinodale riglyne.
- Huisvesting in die vorm van 'n ruim pastorie is beskikbaar of alternatiewelik 'n behuisings-toelaag.

#### Aansoeke:

- 'n Verkorte CV met minstens drie referente moet gestuur word na [admin@george-bergsig.co.za](mailto:admin@george-bergsig.co.za). Die CV moet vergesel word deur 'n dekbrief waarin die aansoeker beskryf waarom hulle glo hulle die geskikte kandidaat is vir hierdie pos. Die dekbrief moet nie langer as 500 woorde wees nie.
- 'n Kortlys van aansoekers sal genooi word vir persoonlike onderhoude.
- **Sluitingsdatum: 19 Februarie 2021.**
- **Diensaanvaarding:** Verkieslik voor of op 1 Junie 2021.

#### Navrae:

- Ds Rudolph Grobler – 082 820 9899 of [wolliegrobler@gmail.com](mailto:wolliegrobler@gmail.com)

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

## Trinity Uniting Church in the City of Perth verwelkom graag alle Afrikaanssprekendes in die middestad!

**Die Afrikaanse Gemeente van die Uniting Church in the City of Perth, is geleë in die hart van Perth se middestad.**

Die Afrikaanse Gemeente het ten doel om alle Afrikaanse emigrante en migrante te help integreer in 'n multikulturele Australiese samelewing. Ons wil vir almal 'n geestelike tuiste en 'n familiegevoel skep, waar nuwe mense ontmoet kan word. Ons wil ook met die evangelie 'n verskil hier in die vreemde maak. Ons werk daarom nou saam met die Engelse gemeentes van die Uniting Church in the City, asook ander kerklike denominasies.

Ons kom weekliks byeen vir eredienste. Die laaste Sondag van die maand kom ons om 08:30 by Trinity Uniting Church byeen, vir 'n meer klassieke erediens. Die ander drie Sondae kom ons om 18:00 by Ross Memorial Uniting Church byeen, vir 'n meer kontempêre erediens. Die eerste en derde Sondag van die maand het ons 'n groep, **Awaken**, wat om 18:00 by Trinity byeenkom. **Awaken** is gerig op studente en jongwerkes. Alle preke by al drie eredienste is eietyd en sterk Woordgerig.

Ons wil alle voornemende migrante en emigrante uit Suid-Afrika met ope arms ontvang. Kom raak deel van ons gemeente en ontmoet ander Afrikaners, Aussies en mense van ander kulture uit ander lande van die wêreld.

Predikante: **Ds Hannes Halgryn en dr Herman Nienaber**

Facebook: **Kerk in die Stad.**

Webblad: [www.perthunitingchurch.com.au](http://www.perthunitingchurch.com.au)

E-pos: [hannesh@ucic.org.au](mailto:hannesh@ucic.org.au) en [hermann@ucic.org.au](mailto:hermann@ucic.org.au)



## VAKATURE: BESTUURDER

### Sentrum vir Bejaardes, Bloemfontein

Die Engo Sentrum vir Bejaardes in Bloemfontein huisves ongeveer 1 200 bejaardes. Dit bestaan uit 'n versorgingsseenheid met ongeveer 200 beddens (Ons Tuiste), drie ekonomiese woonareas (Westerbloem Fase 1-6, Fase 7 en Fase 8), een sub-ekonomiese woonarea (Aandrus) en een woonarea vir afgetrede leraars van die NG Kerk (Lofdal).

Daar word voorsiening gemaak vir losies, deeltitel, bewoningsreg, huur en vooruitbetaalde huur. Behalwe vir die deeltitels is die eiendom geregistreer in die naam van Betgeset Mpy.

Daar is ook 'n volwaardige NG gemeente op die terrein met ongeveer 700 lidmate. Inwoners is egter nie beperk tot die NG Kerk nie. Die gemeente is 'n afsonderlike regsenteit.

Die sentrum staan onder die korporatiewe beheer van 'n ervare beheerraad en 'n bewaer en toegewyde senior bestuurspan. Dit is ook verbonde aan Engo, 'n provinsiale welsynsorganisasie in die Vrystaat wat oorhoofse bestuurs-hulpdienste en burodienslewer en verseker dat uitmuntende administratiewe en vakkundige standaarde gehandhaaf word.

Die sentrum word gekenmerk deur 'n gesonde en gemoedelike organisasiekultuur.

#### Die sleutel-prestasie-areas van die pos sluit onder andere die volgende in:

- Om 'n kwaliteit bejaardeversorgingsdiens te verskaf.
- Om die finansiële doelwitte te bereik en sodoende volhoubaarheid te bevorder.
- As bestuursagent vir deeltitelskemas op te tree.
- Om 'n veilige omgewing – fisies en psigies – vir inwoners te skep.

Die ideale kandidaat vir die pos moet oor die potensiaal beskik om 'n toonaangewende instansie te bestuur en leiding aan personeel te verskaf. Verder moet die persoon oor die volgende minimum inherente kwaliteite, vaardighede en kwalifikasies beskik:

- Gesonde interpersoonlike verhoudings.
- Strewe tot uitmuntende kliëntedienslewering.
- Vermoë om op alle vlakke met gemak te kommunikeer.
- Vermoë om ambisieuse doelwitte en prioriteite te stel en te bereik.
- Finansiële bestuursvaardighede.
- Bewese ervaring in die lewering van dienste aan bejaardes.
- Toepaslike tersiêre kwalifikasie.

Indien jy belangstel en voel dat jy oor die nodige kwalifikasies beskik, stuur asseblief jou CV aan:

Die Voorsitter, ds WJ Botha by [dswjb@engo.co.za](mailto:dswjb@engo.co.za) voor **25/02/2021**.

- Indien u twee weke na die sluitingsdatum geen terugvoer ontvang het nie, kan u aanneem dat u aansoek onsuksesvol was.

# Ekologie: Groenvinger-dominees maak hande vuil in grendeltyd

JACOBIE M HELENA

**B**laai jy in grendeltyd deur van jou domineevriende se sosiale media-blaaie sien jy alles van 'n gespog oor handgrootte beet tot pragtige geel, groen en rooi tamaties. Jy sien oranje wortels wat lyk of hulle 'n mens met twee bene is of oranje arms wat drukkies gee. Só het die inperkingstyd nie bloot 'n tyd van na-binne-leef vir 'n paar Kaapse dominees geword nie, maar ook 'n leef nader aan die grond, nader aan die skepping en ook nader aan die Skepper.

"Tuinmaak hou my grounded in 'n tyd waar alles chaos is," vertel ds Lou-Maré Denton, predikant by NG gemeente Brackenfell, oor haar en haar gesin se stokperdjie wat reeds tydens die erge Kaapse droogte in 2017-2018 begin het. Die Denton-Clur-gesin het hulle grasperk in die tyd van waterbeperkings met "waterwys" plante en inheemse plante soos fynbos vervang. Die tuin het intussen tydens die grendeltyd 'n groentetuin-vertakking ryker geword en het 'n ruimte geword waar hulle as gesin tyd saam kan deurbring en gewoon 'n bietjie asem haal. Denton vertel dat sy graag op sosiale media hulle oeste deel wat nie perfek is nie. "Dis lekker om te lag vir die vrugte en groente wat so krom en skeef uitkom. Baie mense plaas die mooi en die perfekte uit hulle tuine, maar ek dink 'n mens moet die ander kant ook wys," giggel Denton.

Ds Nioma Venter, ondervoorsitter van die Algemene Sinodale Moderamen, vertel die tuinmaakgogga het haar in grendeltyd behoorlik gebly. Eers toe het sy besef hoe swak die kwaliteit van die grond by hulle huis in Bellville is. Sy en haar man Leon het besluit om in 'n bakkievrag kompos te belê en "toe het

ek begin speel," vertel Venter. Venter het selfs 'n blog begin waar sy oor haar tuinmaakterapie skryf. "Om bewus van die reuke, kleure en teksture te word praat met 'n mens se siel," brei Venter uit.

Ook vir die predikantsegpaar dr Nina Müller van Velden, postdoktorale navorser aan die Universiteit Stellenbosch, en ds Wouter van Velden, predikant by NG gemeente Welgemoed, het tuinmaak in lockdown 'n lafenis vir die siel geword. "Dis vir ons 'n stuk terapie," vertel Müller van Velden. "Om te sien hoe goed groei. Die waarneem van die plante se vordering deur die loop van die dag, is merkwaardig. Die nader-aandie-grond-leef het ons ook 'n nuwe waardering vir kos laat ontwikkel. Skielik wonder 'n mens in Food Lovers Market waar die groente of vrugte vandaan kom, hoeveel werk daar ingegaan het," verduidelik Müller van Velden.

Op Stellenbosch vertel ds Dolf du Plooy hoe sy groentetuin hom elke dag verras. "Jy kan plant wat jy wil en dink daar gaan opkom wat jy geplant het, maar dan verras die natuur jou en daar kom spanspek tussen die spinasie op," vertel Du Plooy met 'n glimlag. Ek het geleer dat al saai ek wát in my lockdown-groentetuin, het die grond en die kompos 'n manier om my te verras.

Denton vertel dat daar vir haar *community* rondom tuinmaak is. "Die oopheid, vriendelikheid en vrygewigheid van gemeenskap rondom die vetplante en die speldekussings. Hoe mense mekaar raad gee, kontak hou en steggies aanbied, is wonderlik. En hoe mense sáám in afhanklikheid tot die natuur leef en met die grond *connect*. In tuinmaak is daar iets van terugkom na die ritme van die natuur toe. Die eenvoud. Die back to basics," het Denton gesê.



Terwyl die foto's van dr Nina Müller van Velden op Instagram (bo) wys hoe sy en haar man, ds Wouter van Velden (op die foto), in hul tuin woeker met handgrootte beet en kleurrike tamaties, deel ds Lou-Maré Denton tong in die kies haar gesin se wortels (onder) wat, volgens Denton, "dalk na karakters uit 'n horror-fleek lyk."



**Ons wil hoor van lidmate en leraars wat gedurende grendeltyd nuwe rituele ontwikkel het wat hulle met lesers wil deel. Stuur vir ons 'n e-pos na [kerkbode@tydskrifte.co.za](mailto:kerkbode@tydskrifte.co.za)**

## Soldaat-dominee sterf: 'Hy was 'n genuïne ou'

JACOBIE M HELENA

**D**s Thinus Jansen van Vuuren, emerituspredikant by NG gemeente Ruyterwacht en voormalige soldaat in die Suid-Afrikaanse Weermag, het op Maandagoggend (8 Februarie) weens 'n gebarste aneurisme in die Netcare Blaauwberg Hospitaal in Kaapstad gesterf. Hy het op 8 Januarie sy 71ste verjaarsdag gevier.

Ds Gerhard van der Merwe, goeie vriend van Jansen van Vuuren en predikant by NG gemeente Goodwood, vertel dat Jansen van Vuuren omgeval het toe hy opgestaan het. "Hulle het dadelik gewet daar is groot fout en het 'n ambulans ontbied. Jansen van Vuuren is net daarna in die hospitaal oorlede," het



Ds Thinus Jansen van Vuuren, emerituspredikant by NG gemeente Ruyterwacht, is op 8 Februarie, 'n maand na sy 71ste verjaarsdag, oorlede. Foto verskaf

Van der Merwe gesê.

Van der Merwe vertel dat sy vriend en Ruyterwacht soos 'n handskoën by mekaar gepas het. "Dis 'n ontsaglike verlies vir Ruyterwacht. Hy het Ruyterwacht omhels en sy hart vir die gemeente gegee. Thinus was lief vir almal. Hy het mense dieselfde behandel. Van die straatveër tot die burgemeester. Hy het 'n groot passie vir die bediening en die kerk gehad," onthou Van der Merwe.

Van der Merwe vertel dat Jansen van Vuuren uit 'n weermagagtergrond kom en presies, stiptelik en netjies was en soos hulle in die weermag gemaak het altyd vroeg vir afspraak was. Hy sal Jansen van Vuuren onthou vir sy ongelooflike liefde vir die kerk en 'n fyn sin vir humor.

Michael Beukes, jeugwerker by NG gemeente Goodwoodpark, vertel dadelik van Jansen van Vuuren se weermag-geskiedenis. "Hy het 'n fascinerende storie. Hy was 'n properse soldaat, nooit 'n kapelaan nie. Hoog op in die weermag. En toe word hy deur God geroep vir die bediening in die kerk. Ek sal hom onthou vir sy werksetiek en hope energie vir sy bediening. Hy was regtig 'n genuïne ou," het Beukes gesê.

Marthinus Gerhardus Jansen van Vuuren word deur sy vrou, Marina, drie kinders, Arno Jansen van Vuuren (en sy vrou Janine), Jaco Jansen van Vuuren en Mariette van Rooyen (haar man, Mauritz), en ook vyf kleinkinders, Aiden, Bailey, Ethan, Megan en Emma oorleef.

# 'Reik uit na ons en bid,' vra Mosambiekse dominee

JACOBIE M HELENA

“Reik uit na gemeentes en gelowiges in Mosambiek en vra vir hulle hoe julle kan help en saam met hulle kan bid.”

Só vra ds Llewellyn Oliver, predikant by die Lewende Gemeente Mosambiek en die Afrikaanse gemeente van die Igreja Reformada em Moçambique (IRM), te midde van die nood wat tans in dié Suid-Afrikaanse buurland heers.

Die koronaviruspandemie is die laaste jaar op almal se lippe en die nuusblaai is vol Covid-nuus oor dood, entostowwe en oorvol hospitale in Suid-Afrika. Maar behalwe die Covid-pandemie word Mosambiek deur twee ander krisisse geteister – die toenemende konflik met Islamitiese rebelle in die noorde van Mosambiek en die siklone

in die sentrale deel van die land.

Oliver vertel dat inwoners in die noorde van Mosambiek sedert 2017 gedwing was om weens die toenemende konflik met Islamitiese rebelle te vlug. Daar word konserwatief geskat dat oor die 200 000 persone as gevolg van die konflik deur Isis-gekoppelde militante in die Cabo Delgado-provinsie van Mosambiek reeds gevlug het, brei Oliver uit.

“Hiermee saam het die siklone Idai en Kenneth in 2019 grootskaalse verwoesting gesaai wat soveel as 1,3 miljoen mense geraak het. Midde-in die hulpverlening in die geteisterde gebiede tref die volgende ramp, ’n wêreldwye pandemie, wat veroorsaak dat die hulp wat via kerke aan die IRM gelewer word, in sy spore gestuit word. Die reisverbod en sluiting van grense veroorsaak dat

noodsaaklike spanne nie die betrokke gebiede kan binnekom nie. Alternatiewe planne is skaars in plek of die volgende ramp tref Sentraal-Mosambiek – siklone Eloise. Dit alles teen die agtergrond van grootskaalse droogtes in die suide van Mosambiek,” vertel Oliver van die verwoesting in Mosambiek.

Oliver sê dat daar in die verlede met elke ramp wat Mosambiek getref het ’n fenomenale gebaar van gelowiges was wat hulle in nood wil bystaan. Reeds met die waarskuwing van siklone Eloise was daar navrae oor hoe gehelp kan word. Hy vertel dat daar deur baie jare ’n verhouding tussen die kerk in Mosambiek en die kerk in Suid-Afrika gebou is en dat hulle beleef hoe die Here die kosbare verhouding gebruik om mekaar te ondersteun en bemoedig. In baie gevalle is dit nie fisies of finansiële moontlik nie, maar die wete dat daar mede-gelowiges in Suid-Afrika is wat bid en omgee, gee vir hulle hoop, sê Oliver.

“Ons wil dus vra dat gemeentes en individue sal neerbuig in gebed vir Mosambiek. Ons begeerte is om by die Here te hoor hoe ons die vinnige verandering in natuurverskynsels aan die een kant en die dreigende politieke onstabiliteit aan die ander kant moet hanteer. So dankbaar soos ons is vir elke donasie, het ons veral die gebede van gelowiges nodig om in dié tyd ons te dra,” sê Oliver.

Dr Gustav Claassen, die algemene sekretaris van die NG Kerk, het vandeemaand luidens ’n verklaring gesê die NG Kerk staan saam met gemeenskappe in Mosambiek en roep al haar lidmate op om te bid vir broers en susters in daardie land.



## Onweer teister Mosambiek

Die tropiese storm **Eloise** het op 22 Januarie vanjaar die sentrale hawestad Beira in Mosambiek getref en verwoesting gesaai, berig Netwerk24. Dít terwyl die gebied nog herstel van die verwoesting wat siklone Idai, wat in Maart 2019 hier geland het, en ses weke daarna, siklone Kenneth, in April 2019.

Teen Augustus 2019, na afloop van siklone Idai en Kenneth, het 2,5 miljoen mense in Mosambiek humanitêre dienste benodig en altesaam 603 mense is weens die tropiese storms dood, het UNICEF berig.



'n Mosambiekse vrou dra twee emmers water in die dorp, Búzi, aan. Búzi is net suid van die stad Beira, waar die grootste verwoesting deur siklone Eloise gesaai is. Foto verskaf

## Reeds meer as 26 000 nuwe Afrikaanse Bybels verkoop

JACOBIE M HELENA

Sedert die bekendstelling van *Die Bybel: 2020-vertaling* in Afrikaans einde November 2020 in Bloemfontein is daar al meer as 26 000 kopieë van dié vertaling deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) verkoop, het Lucky Nkhoma, hoof: kommunikasie en bemarking van BSA gesê.

Die nuwe Afrikaanse vertaling is na sowat 15 jaar se werk op 27 November 2020 tydens ’n spesiale toewydingsdiens in die Kopanongkerk in Bloemfontein bekendgestel. Meer as 170 medewerkers was by die vertaalproses

betrokke. Dié medewerkers sluit brontaalkenners (Hebreeus, Aramees en Grieks), teoloë, Afrikaanse letterkundiges, taalkundiges en vertaalkundiges in. Daar was ook deurgaans 24 verskillende kerkgenootskappe op een of ander manier by die vertalingsproses betrokke.

Ds Dirk Gevers, die uitvoerende hoof van BSA, sê dat die vertalers daarin geslaag het om vir baie Afrikaanssprekende gelowiges, wat ’n behoefte het aan ’n Bybel wat so na as moontlik aan die bronteks, maar steeds goed verstaanbaar is, die geleentheid te

gee om ’n Bybel in Afrikaans te lees en te bestudeer wat hulle in staat stel om so na as moontlik aan die leefwêreld van die Bybel te kom, luidens ’n verklaring van BSA.

Daar is drie weergawes van *Die Bybel: 2020-vertaling* in verskeie bindstyle op die mark beskikbaar. Die Bybel, Ou en Nuwe Testament, die Bybel met Deuterokanonieke boeke, en ook ’n hoofletter-uitgawe met bepaalde woorde in die Ou Testament in hoofletters gedruk, is beskikbaar. Laasgenoemde is op versoek



van spesifieke kerke voorberei.

*Die Bybel: 2020-vertaling* kan by Bybel-Media se e-winkel (eshop.bybelmedia.org.za) gekoop word. Lesers wat verkies om die 2020-vertaling aanlyn te lees kan dit by BibleSA se webtuiste of op die BibleSA-toepassing doen.



Jaco Strydom gesels met **EJ Leach**

# Die NG dominee wat kies om te kerk in Kalkutta

**E**J Leach is 'n vreemde dominee. Na hy sy studies by Tuks voltooi het, besluit hy en sy vrou om te trek na 'n plek waar dit rowwer gaan as in Suid-Afrika. Hulle woon vandag in die hartjie van Kalkutta in Indië.

Terwyl ek na EJ luister, kan ek nie help om te dink aan 'n klomp van my vriende wat die afgelope tyd geëmigreer het na, onder andere, Nieu-Seeland, Kanada en Australië nie. Van die grootste redes wat hulle aanvoer is dat dit té onveilig raak in Suid-Afrika, dat hulle meer geld kan maak of 'n beter toekoms wil gee aan hulle kinders.

Ek is baie lief vir hierdie mense, en elkeen moet doen soos hy of sy goed dink (dit klink vir my ook lekker), maar dit is fassinerend om met iemand te gesels wat presies die teenoorgestelde doen. Wat doelbewus kies om eenvoudiger te lewe, met minder sekuriteite en 'n erg klein salaris, wat kies om te gaan woon op 'n tipe plek wat die meeste Afrikaanse kerkmense eintlik ten alle koste sou wou vermy.

“Waarom doen julle dit?” vra ek vir

EJ. Ons drink koffie in my kombuis in Pretoria. Hy en Sané is vir twee weke in Suid-Afrika om 'n klomp admin uit te sort.

Ons gesels oor die pad wat EJ gestap het tot in Kalkutta, die ervarings langs die pad wat sy denke gevorm het.

Hy was op skool in Menlopark. Na skool skryf hy in vir 'n BCom-graad aan die Universiteit van Pretoria. Op Universiteitsoord se eerstejaarskamp beleef EJ 'n tipe geestelike ervaring wat uiteindelik maak dat hy besluit om eerder teologie te gaan swot.

Vir 'n tyd lank is hy saam met Alan Childs, wat op daardie stadium die studenteleraar was en 'n groot invloed gehad het op sy lewe, betrokke by die gemeente se uitreikbediening.

EJ sê daar was baie “missionale praatjies” in die kerk en onder die teoloë op fakulteit, maar hy het al meer besef dat dit eintlik net waarde het as dit geleef word.

In daardie tyd lees hy en 'n groep medestudente Shane Claiborne se boek, *The irresistible revolution*. Die boek ver-

tel onder andere van 'n neo-monastiese gemeenskap genaamd “The Simple Way”, waar mense saam woon, saam aanbid en saam dien.

Dit het 'n groot indruk gemaak en hy en 'n paar vriende besluit toe om dit ook in Pretoria te probeer. Hulle het 'n huis gehuur in die hartjie van Sunnyside waar hulle vir 'n tyd lank in eenvoud saam leef en gedien het. Die gemeenskap se naam was “Intentional Living”.

Later, kort na EJ bevestig is as dominee in sy eerste gemeente, woon hy vir 'n tyd lank in 'n ander soortgelyke gemeenskap in 'n huis saam met 'n klomp seuns wat geen familie het nie.

EJ vertel hoe baie hy geleer het by die mense in hierdie gemeenskappe wat saam met hom 'n verskil probeer maak het, maar ook by die mense in nood.

Ons gesels oor Henri Nouwen wat toe iemand hom vra waarom hy besluit het om Harvard te verlaat, gesê het: “I'm speaking about prayer, but have less and less time to pray, I speak about community, but I have no time to form a community, I'm teaching things like “bless-

ed are the poor”, while living in this very ambitious place ...”

Later sê Nouwen: “I did not leave the university – after twenty years – and move in with people with disabilities at L'Arche, because I wanted to help them, but because I needed better teachers ...”

Hierdie en 'n klomp ander dinge (soos die lees van die vier Evangelies) het 'n invloed gehad op EJ en Sané se besluit om uiteindelik Indië toe te trek en 'n kerk te plant saam met Hope Unlimited Church.

“Nou hoe plant 'n mens 'n kerk in Kalkutta?” vra ek.

“Wel, ons het ons kerk uit die huis uit geplant, want ons het die waarde van gasvryheid ontdek,” vertel EJ. “Ons het letterlik begin deur ons huis oop te maak en mense te ontvang soos hulle is en hulle net liefgehad. Mense is skepties oor Christene weens die sendinggeskiedenis. So, jy moet die mense se vertrouwen. Ons het 'n tafel-teologie gehad. Aan die begin het ons letterlik net elke Sondag om die tafel vergader en saam gesels en geëet. Dit was vir my belangrik om van die begin af die skeiding tussen die dominee en die gemeente te breek. En om saam om 'n tafel te sit, help baie.”

Hy sê vanuit hulle albei se vorige ervarings van “saamwoon in omgee-gemeenskappe”, kon hulle ook nie anders nie as om hulle huis oop te maak sodat mense saam met hulle woon.

Deur die week is hulle op verskillende maniere betrokke by barmhartighedswerk, voedingskemas en ander projekte in die gemeenskap. Sané, wat maatskaplik geswot het, is onder andere betrokke by 'n organisasie wat vroue uit mensehandel help.

Ek vra EJ die groot vraag. 'n Vraag wat mense wat oorsee gaan vir sendingwerk of saam met organisasies soos die Rooi Kruis of UNICEF werk, tot verwelens toe moet antwoord: Waarom Indië, hier is mos baie nood in Suid-Afrika?

“Dit is so,” sê EJ. “Indië en Suid-Afrika het dieselfde tipe sosiale nood. Maar wat Indië anders maak is dat daar minder as 1% Christene is. Ek en Sané wou graag in 'n land woon waar die Christene in die minderheid is. Waar die oes groot is en die arbeiders min.”

► *Ds Jaco Strydom is predikant by die NG gemeente Villieria in Pretoria.*



EJ en Sané Leach het besluit om Indië toe te trek en 'n kerk te plant saam met Hope Unlimited Church. Foto verskaf

“Ons het letterlik begin deur ons huis oop te maak en mense te ontvang soos hulle is en hulle net liefgehad.”

## Lojale kritiek

Die idee van “lojale kritiek” klink soms na ’n weerspreking. ’n Logiese onmoontlikheid. ’n Mens moet tog die een of die ander wees, sou sommige sê. Miskien het diegene wat so voel ook in die algemeen ’n vir-of-teen-wêreldbeskouing. Dinge is wit of swart.

En tog is daar volop geleentheid vir kritiek wat juis van “binne” ’n bepaalde struktuur, groep of organisasie kom. In teenstelling met aanslae van “buite” waar die inhoud van die kritiek nie noodwendig ongeldig is nie, maar waar die doelwit met die kritiek afbrekend of devil may care is oor wat van die gekritiseerde word met die aanhoor daarvan.

Ons redaksionele span het vandeemaand ’n veldtog genaamd “Vriende van Kerkbode” van stapel gestuur. As deel van daardie proses het ons veral met lesers gesels wat ons joernalistieke projek breedweg goedgesind is. Nie ’n soort juigkommando nie, net mense wat ’n realistiese maar ook *related* standpunt inneem oor die rol wat Kerkbode probeer speel. En natuurlik is deel van Kerkbode se taak om ’n platform vir lojale kritiek binne die NG Kerk te skep.

Dit was daarom vir my interessant om elders in die skryfwerk van een van die Vriende van Kerkbode af te kom op ’n staaltjie wat ek nogal dink lojale kritiek versinnebeeld. Teen die einde van sy boek *Kom sit aan*, skryf ds Rudi Swanepoel: “Die naaste wat ek as kind kon kom aan ’n moontlike integrasie van feesvier en godsdiens was by ’n kerkbasaar.” Swanepoel, ’n soort mindful smulpaap, bieg: “Nee, die kerk van my kindertyd was nie goeie vriende met feestelikeheid en vreugde nie.” Harde woorde. En tog word dit vergesel van hierdie 235 bladsye-boek wat juis getuig van hoe hierdie dominee weldra ’n etenstafel in die middel van sy lewe en bediening leer dek. Hy skryf: “Moet nooit jou vermoë om iets te geniet gering ag nie. Moenie vergeet om dit te koester nie. Wanneer jy dit koester, word dit meer, raak jou reseptore vir suiver plesier meer en jou dankbaarheid (teenoor God, jou mense, selfs jouself) dieper en groter. Jy raak meer mens. Op die lewe!”

## KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode  
Viona Ross  
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

**Redaksie:**  
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za  
**Redakteur:** Le Roux Schoeman  
E-pos: leroux@kerkbode.co.za  
**Joernalis:** Jacobie M Helena  
Tel 072 828 9760  
E-pos: jacobie@bmedia.co.za  
**Ontwerper:** Mario Small  
E-pos: mario@kerkbode.co.za  
**Proefleser:** Lambert Jacobs

**Advertensies en vakatures:**  
Hanlie Raath  
Sel 072 357 8914  
E-pos: woes@mweb.co.za

**Kleinadvertensies en ampelike nuus:**  
Lida Viljoen  
E-pos: lida@tydskrifte.co.za  
Tel (Halfdag): 021 864 8202

**Bemaking:**  
Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

Jasper Louw

## OP DIE KERKSTOEP



# Hoe ‘gebruik’ ons die verlede?

Van tyd tot tyd is dit nodig om so ’n rukkie op die stoep te gaan sit en jou gedagtes vrye teuels te gee. Veral hier aan die begin van ’n nuwe jaar na ’n stormagtige jaar wat verby is.

Die jaar 2020 sal seker nog vir baie lank in ons geheue bly. ’n Jaar wat sekerlik gebrandmerk sal wees as die jaar van inperkings. “Grendeltyd” het ’n nuwe woord in ons woordeskat geword, saam met Covid-19 met alles wat daarmee gepaard gaan, of wat daarmee gestruikel het. Op kerklike terrein was daar die verbod op samekomste wat dramatiese veranderinge tot gevolg gehad het. Alle basaars, feeste en fondsinsamelings het erg in die hek geduik. Sosiale aktiwiteite het tot stilstand gekom, en vele gemeentes het ’n ernstige knou gekry, nie net op finansiële gebied nie, maar ook op talle bedieningsterreine. In baie gevalle het daar nuwe deure oopgegaan vir kreatiewe bedieningspraktyke en broodnodige hulpverlening aan gemeenskappe in nood.

’n Groot deel van ons sinodale gebied, en ook ander dele in ons land, is ernstig geknou deur ’n geweldige droogte. Mens, dier en plante het een van die moeilikste jare in ’n baie lang tyd beleef. Gemeentes en gemeenskappe reg oor die land het ingespring en onskatbare hulp verleen in die vorm van voer, water, geskenkpakkies en gebede. Dit het ons boeregemeenskappe aan die lewe gehou.

In die mees onlangse tyd is daar ook groot skade aangerig deur te veel water, veral in die noordelike deel van ons land. Vloede het gemaak dat paaie onbegaanbaar was en dat boere nie in die lande kon kom om die oes in te bring nie.

Op politieke terrein was dit ’n jaar

van korrupsie-onthullings wat ’n mens se hare laat regop staan – en tog is dit die einde niet! Daaglik word nuwe getuienis voor die Zondo-kommissie gelê wat totaal en al verbysterend is.

So kan ons seker ure lank op die stoep verwyd en nabetrugting hou. Die groot vraag is egter, wat daarmee gemaak?

Ek lees onlangs die verhaaltjie van ’n tweeling (broers), wat na skool elkeen sy eie pad gegaan het, en bitter min kontak met mekaar behou het. Hulle pa was ’n totale alkoholis wat hulle grootwordjare uiterste hel gemaak het. ’n Sielkundige het van die twee gehoor en besluit om hulle op te spoor om te probeer agterkom hoe hulle verlede hulle hede bepaal het. Die een seun was ’n vooruitstrewende sakeman en ’n geheelonthouer. Die ander was werkloos en totaal verslaaf aan enige middel wat hy in die hande kon kry. Die sielkundige het aan albei dieselfde vraag gevra: “Waarom skryf jy jou huidige omstandighede toe?”

Die verrassende was dat altwee presies dieselfde antwoord gegee het: “Met ’n pa soos myne, wat verwag jy anders?”

Vandag “sit ons op die stoep” en bepeins die verlede. Ons gedagtes gaan deur die storms van 2020, ons kan selfs terugdink aan die geskiedenis van ons gemeente(s) met al haar op- en afdraandes, ons kan dink oor die rol van die NG Kerk gedurende die afgelope eeu. ’n Typerk gekenmerk deur die armblankevraagstuk, die opkoms van Afrikanernasionalisme, die Apartheidera, die Soweto-opstande, Sharpeville, die grensoorlog, die koms van ’n “Nuwe Suid-Afrika”, en so kan ons ons gedagte laat gaan.

Gedurende die bietjie meer as veertig jaar wat ek in die voltydse bediening is

en die voorreg gehad het om op vele kerklike strukture te dien, was daar verskeie vraagstukke wat, alhoewel belangrik, tog geneig het om die fokus van ons profeties-priesterlike roeping af te lei. Ek dink onder andere aan die lang debatte oor “Ras, Volk en Nasie”, die “swart-pak-en-wit-das”-debatte, “Kerk en Samelewing”, die “vrou-in-die-amp”, die “Belydenis van Belhar”, “kinders by die Nagmaal”, “Artikel 1-wysiging”, “selfdegeslag-verhoudings”, en so meer.

’n Mens onthou ook watter groot rol die NG Kerk in ons lande gespeel het. Ek dink aan die geweldige impak wat ons barmhartigheidsdienste in al die sinodes gemaak het en nog steeds doen. Ek dink aan die geweldige vordering wat op ekumeniese terrein gemaak is. Waar ons vir baie lank in die woestyn op ons eie was, is ons vandag ’n gerespekteerde lid van vele ekumeniese liggame reg oor die wêreld. Veral in die afgelope paar jaar het daar weer ’n baie sterk missionale bewussyn in die kerk gekom en is feitlik elke gemeente op een of ander wyse besig om hulle missionale roeping uit te leef. In elke gemeente is daar toegewyde lidmate wat elke dag ’n verskil maak waar die Here hulle ook al wil gebruik.

Wanneer ons nou so “op die stoep” sit, sal ons nie net kan terugkyk na dinge in die verlede nie – ons sal ook vorentoe moet kyk om, in Paulus se woorde, “die oog op die wenstreep” te hou.

Die belangrikste vraag waarop ons sekerlik ’n antwoord moet soek, is: Gaan ons ons verlede as verskoning gebruik of as motivering?

Dit was die groot verskil tussen die twee broers se lewe.

► Ds Jasper Louw is moderator van die Oos-Kaapse sinode.



Marileen Steyn

## JY SWOT WAT?

## ‘Luister na die

In dié rubriek gesels die skrywer met PhD-studente oor

“Dit is die eerste keer in 22 jaar dat iemand net na my storie luister.” Dit was die terugvoer wat dr Engelette Kruger keer op keer ontvang het gedurende haar PhD-navorsing onder musiekstudente. Kruger, wat vir lank gemeente-orrelis was en tans musiekleier by Wapadrand Gemeente is, se navorsing is gebore uit ’n nuuskierigheid oor die identiteit van musikante en die “ineengevlegde skeidslyn tussen self en beroep”, sowel as die problematiek daaraan verbonde. In haar proefskrif getiteld *Identity of students of Western Art Music at a South*

*African tertiary institution: A narrative approach*, ondersoek sy hierdie noue band tussen dit wat mense doen as beroep en dit wie mense is.

Volgens Kruger se navorsing word musikant telkens as ’n minderwaardige beroep gesien en word dit afgemaak. Dit is wel nie net die geval by musikante nie. Kruger se navorsing het haar op die spoor van onderwysers, kelners, maatskaplike werkers en predikante gesit. Dit is juis baie keer hierdie beroepe waarop daar neergekyk word, vertel sy aan Kerkbode. Dikwels, meen sy, juis omdat mense in dié beroepe minder be-

soldiging ontvang of daar gemeen word dat daar te min beroepsgeleenthede is. Die lyne op haar voorkop trek saam as sy haar misnoë oor die verband tussen besoldiging en beroepstatus uitspreek. Dít, terwyl daar juis in hierdie tye van die virus meer na hierdie beroepe gekyk word om mense deur dié ontwrigtende tye te dra, sê sy. Deur Kruger se navorsing het sy gevind dat hierdie beroep-snobisme en beroepsminderwaardigheid tot selfbeeldprobleme kan lei. Kruger het dit ook aan haar eie lyf gevoel: “So oud soos wat ek is, is dit die eerste keer dat ek nie heeltemal minder-



# Geseënd is die angstiges

*God, hierdie angs, hierdie angs, dit kan nie u uiterste openbaring wees: hierdie verwarring van my oë, hierdie wit-ogige vrees.*

**S**ó begin NP van Wyk Louw se gedig "Paniese angs" uit sy 1947-dig-bundel *Die halwe kring*.

Wêreldwyd heers 'n ongemaklike, onderliggende angstigheid. Wat eens seker en vas was – reisplanne, vakansieplanne, kuiers by vriende en familie, werke en beroepe, selfs ons oefen- en werksroetines – is dit nie meer nie. Daagliks word ons gekonfronteer met tragiese en traumatiese verhale: van mense wat siek is, desperaat is, wanhopig is, diegene wat sterf.

Dit is 'n tydsgewrig waarin ons ons angste en angstighede van nader – intiem, selfs – leer ken.

Kollektief sowel as individueel leef ons met 'n enorme hoeveelheid angs saam. Selfs ons eenvoudige, klein vertroostings – 'n bemoedigende gesprek, 'n stywe druk, 'n sagte kyk – is ons in vele opsigte skielik ontnem. Dalk besef ons nou eers hoeveel daardie klein oomblikke ons juis op 'n moeilike dag of binne uitdagende situasies net so 'n klein bietjie kon lig.

Ons menigte elektroniese vergaderings en gesprekke oor Skype en Zoom en Teams kan ons onmoontlik op dieselfde maniere troos as om ons vriende en kollegas in die oë te kyk, en saam te lag; ag, en net te wees. Dalk is dit ook waar van kerkwees in hierdie tyd, waarin ons woorde – ook ons trooswoorde – deur skerms van TV's en selfone bemiddel word.

Dalk moet ons angs – ons 'paniese angs', selfs – daarom allesbehalwe 'n verrassing wees.

Tog is ons nie die enigstes, of selfs die eerstes, om gekonfronteer te word met die dieptes en hoogtes en breedtes van ons eie angstige hart nie. Die Deense teoloog Søren Kierkegaard skryf in 1844 'n boek juis oor hierdie tema, met die titel *Begrebet angst* (die begrip van angs).

Daarin beskryf hy angs as 'ongefokusde vrees': daardie gevoel van oorweldig word, of oorval word, met onbepaalde moontlikhede en die omvang van ons vryheid. Ons raak angstig wanneer ons gekonfronteer word met keuses, vryheid, moontlikhede – en wanneer ons besef hoe swaar die oomblik van kies op ons lê; dat ons daarin potensieel kan misluk of floreer.

In sy Abraham Kuyper-lesing van 2013 verwys Russel Botman ook na Kierkegaard se uitbeelding van angs. Hy verduidelik dat, vir Kierkegaard, dit nie daaroor gaan om angs en angstigheid te probeer vermy of verduur nie, maar dat

Kierkegaard ons eerder aanmoedig om te leer om ons angs tegemoet te stap en te omarm.

Almal beleef immers angs en angstigheid; dit is 'n gegewe van menswees.

Tog is angs nie opsigself sleg of boos – volgens Kierkegaard – nie. Angs is nie sonde nie; hoewel hy meen dat sonde dikwels volg op angs (en die subtitel van sy boek maak dit duidelik dat hy 'n sielkundige perspektief op die dogmatiese kwessie van oersonde wil bied). Vir Kierkegaard is dit veel eerder 'n kuns om op die regte manier angstig te wees. Ons angs kan verwoestend wees, maar dit is ook 'n kweekgrond van moontlikhede. Ons angs sê immers ons is nie ongetraak of onaangeraak nie: Ons het 'n perd in die resies, "we've got skin in the game". Dit maak vir ons saak hoe ons keuses uitspeel: vir onself, en ook vir ander.

In die Bybel kom ons talle verhale van angs, angstigheid en beangstigdes teë. Trouens, aan die hart van die evan-

gelie lê niks minder nie as Godsangs – in die tuin van Getsemane, en aan die kruis. In Christus se gebed dat hierdie beker by Hom verby moet gaan; in sy bloedsweet, en vrees, en angs, kom ons 'n God teë wat volledig mens is: Christus, wat juis in hierdie oomblik tog só eg menslik, só herkenbaar vir ons raak.

En wanneer Christus gearresteer word, verhoor word, gemartel word, en tereggestel word aan die kruis, word Gods paniese angs nie verbloem of weggesteek agter 'n dapper front nie, maar word dit hartverskeurend luid uitgeroep: My God, my God, waarom het U My verlaat?

Dalk lê die verligting van ons individuele, persoonlike angs – daardie angs wat ons diep in die donker nag tegemoet stap met drogbeelde en nagmerries oor die toekoms – asook ons kollektiewe angs – oor entstowwe en werksgeleenthede en siekte en dood – nie by goedkoop troos dat alles goed sal uitwerk vir ons en ons geliefdes nie.

Heel definitief help ons niemand wanneer ons angs as sondig en ongelowig afmaak nie.

Dalk vra ons angs dat ons dit eerder tegemoet stap en omarm, want dalk kaats ons angs in hierdie kritieke tyd juis ons waardes en drome en verbeeldingsmoontlikhede terug. In ons momente van paniese angs weerklank immers Christus se angs. In ons diepste, donkerste oomblikke van Godverlatenheid stap Christus, die Godverlatene, ons tegemoet.

Godsangs onderskep en ondervang ons talle angstighede en oomblikke van beangsdheid. Godsangs lê immers aan die hart van die evangelie.

Geseënd is die angstiges.

► *Dr Nadia Marais doseer Sistematiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.*

**“In die Bybel kom ons talle verhale van angs, angstigheid en beangstigdes teë. Trouens, aan die hart van die evangelie lê niks minder nie as Godsangs – in die tuin van Getsemane, en aan die kruis.”**

## stories van ander se roeping'

*interessante navorsingsonderwerpe.*

waardig oor my beroep voel nie.”

Wanneer die gesprek na roeping draai, verduidelik Kruger dat dit presies is waaroor dit gaan. Sy gebruik wel die woord identiteit, maar sy glo dat roeping (en identiteit) die kombinasie is tussen wie jy is en wat jy doen. Kruger se navorsing is dus die herinnering dat die ontkenning van die waarde van mense se roeping, hetsy dit as musikant, predikant, onderwyser, maatskaplike werker, kelnerin of dies meer is, ook hulle persepsie van hulle eie menswaardigheid negatief kan beïnvloed.

Die oplossing lê vir Kruger in die re-

spekvolle luister na mense se lewenstories. Die feit dat 22-jariges vir die eerste keer beleef het dat iemand werklik na hulle lewenstorie luister, is vir Kruger 'n aanklag teen die samelewing. In haar navorsing het Kruger van narratiewe analise gebruik gemaak om na mense se lewenstories te luister en sy het dit dan vanuit vier uitgangspunte geanaliseer. Vanuit die terugvoer na afloop van hierdie onderhoude het Kruger die waarde van luister opnuut besef. Sy pleit dat daar weer meer na mense se lewenstories geluister word – nie om raad te gee, vrae te vra of opinies te gee nie, maar

om werklik te hoor wie die ander is.

Kruger se navorsing is eindelijk 'n uitnodiging aan die kerk om met respek na mense se stories te luister en om gemeente- en gemeenskapslede te ondersteun in die uitleef van hulle roeping, nie as minderes nie, maar as gelykes in die oë van God.

► *Ds Marileen Steyn is jeugleeraar by NG Saldanha.*

□ Het jy 'n storievoorstel vir hierdie rubriek? Kontak die skrywer by marileen.steyn@gmail.com



Dr Engelette Kruger

Ons hoor graag van jou. Besoek [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvolvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

## Woord en wetenskap: 'Bly binne jou vakgebied'

**Chris Smith van Westonaria skryf:**

In outydse oorlogstye, wanneer iemand by 'n basis aankom, is daar gevra: "Vriend of vyand?". Dan moet die wagwoord gegee word of daar is moeilikheid. Dalk moet daar ook in die debatte vandag gevra word of die natuurwetenskappe vir die teologie (Woord) vriend of vyand is? Die meeste sal dadelik wil antwoord met: Dit is 'n verkeerde vraag, want die algemene openbaring staan nie teenoor die besondere openbaring nie. Ek stel voor dat die wagwoord dalk: "Bly binne jou vakgebied" moet wees.

"Bly binne jou vakgebied" beteken dan dat die Woord nie 'n handboek word

vir geologie nie (Die wêreld staan immers nie op vier pilare nie, maar is rond en draai om die son). Verder weet ons ook dat ons niere nie die bron van ons emosies is nie (Job 19:27) en dat die hart nie die setel van denke en keuses is nie (Jeremia 11:20). Nog voorbeelde in die mediese vakgebied kan genoem word.

Ek beleef dikwels dat die Woord "gebuig/gedwing" word sodat dit nie met die wetenskap sal bots nie, want dit behoort nie. Die vraag is of teologie nie dalk daardeur sy vakgebied oorgegee het aan die wetenskap nie. Wie besluit oor wat eties reg en aanvaarbaar is? Wie besluit wat ons lewensdoel is?

Prakties beteken dit dat sielkunde nie kan sê of iets reg of verkeerd is nie. Dit kan bloot aandui wat die samelewing as aanvaarbaar beskou, en of iets positiefs beleef word deur die sekulêre mense. Hier moet die Woord se lig vir die gelowige die pad aandui. Sels al word dit as

"normaal" beskou, beteken dit nog nie dit is voor God aanvaarbaar nie.

Dieselfde geld vir ons lewensdoel. Vir die sielkunde gaan dit oor selfverwensliking en vir die Woord gaan dit daarvoor om God te verheerlik deur selfverloëning.

Die mediese wetenskap dui ook vir ons die realiteite aan, van hoe ons funksioneer en geskape is. Dit beteken nie dat alles gevier moet word nie. Teologie werk verder ook met die realiteit dat ons in 'n gebroke wêreld leef. Paulus bid dat die doring in die vlees verwyder sal word. Hy vier dit nie. Sommige persone word selfs gebore met 'n gebrokenheid. Tog kan ons elkeen, met sy eie gebrokenheid, saam met Paulus getuig dat God se genade genoeg is.

Ons gebrokenheid (geestelik, liggaamlik of andersheid) maak ons meer afhanklik van 'n liefdevolle Vader vir wie elkeen kosbaar is. Hy aanvaar ons en het

ons lief soos ons is. Die Bybel leer ons dat Hy juis dié gebruik wat swak, nederig en afhanklik is. Dit maak dat ons soveel te meer kan leef tot sy eer. Vir sy roeping het ons alles ontvang wat nodig is!

Ons swakhede maak juis dat ons ook nader aan mekaar kom, want ons het mekaar nodig en is afhanklik van mekaar as lede van sy liggaam.

Mag die Woord en wetenskap (en teoloë) handvat met die regte wagwoord: "Bly binne jou vakgebied."

### Regstelling: Jeugfokus

Die advertensie op bl 14 van die vorige uitgawe van *Kerkbode* verwys. Jeugfokus se nuwe geïntegreerde kategeseprogram is slegs aanlyn beskikbaar. Daar is nie gedrukte boeke beskikbaar soos geadverteer is nie. Die werkblaaie vir die katkisante is wel aanlyn beskikbaar en kan afgelaai en/of uitgedruk word. Besoek <https://missio.org.za/> vir meer inligting.

## 'Dit is fundamentele Skrif- en Skrifgesag-verskille wat ter sprake is'

**Arnold Griesel skryf:**

Neels Jackson in sy skrywe van 11 Januarie vra: "As lidmaat wat gay-gelowiges en hulle verhoudings volledig aanvaar, wil ek duidelik stel wat ek oor elkeen van dié sake glo."

(Verwysend na sy sienswyses oor Skrifgesag, wie God is, hoe God die mens geskape het, wat sonde is en die aard van verlossing en heiligmaking). "Ek wil hoor of dit is waarvan die doleerders verskil, en waarom hulle verskil."

Die nuanse van die vraag (vrae) uit die identiteit waarvandaan die vrae gevra word, is dus hoe en waarmee doleerders se sienings oor selfdegeslagverhouding (SGV) met syne mag verskil.

Carl Trueman skryf in 'n publikasie: "As a Christian, I would say we are made in the image of God and this is my God-given identity. My book traces the transformation of human identity into a primarily psychological understanding of personal identity as a state of mind or a state of feelings. What happens if I believe my mind says one thing and my body says another? Expressive individualism would say God got it wrong. But I would ask, what if God got your body right and your mind is what is wrong?"

As aanknopingspunt is die doringreaksie waarvoor ek geskryf het hoegenaamd nie 'n aksie teen die

LGBTQI+-gemeenskap as sulks nie. Dat dit so mag gebeur, is toevallig, want enige ander direkte ontkenning van en aanslag op die Skrif verdien en lok soortgelyke reaksie uit.

Die kort en eenvoudige antwoord daarop is dat daar 'n kloof en radikale gaping ontstaan het oor Skrifgesag: "Expressive individualism would say God got it wrong" en die interpretasie daarvan: "what if God got your body right and your mind is what is wrong?"

Ter illustrasie van die gaping oor Skrifgesag en die interpretasie daarvan tussen die MKN en die ASM verwys ek graag na 'n uiteensetting van die omvang van die verskille in die voorbeeld hieronder:

Onlangs is 'n "Gids" deur die ASM (Algemene Sinodale Moderamen) uitgereik oor selfdegeslagverhoudings (SGV). Daarin word die ASM se standpunte, hulle rasionaal van hoe en waarom die gids aanbeveel word uiteengesit.

Daaropvolgend en in reaksie daarop is 'n beoordeling van hierdie "gids" wat die Algemene Sinode se moderamen (ASM) aan die kerk beskikbaar gestel het gedoen deur Jan Louw (namens Moreleta Kairos Netwerk). Die beoordeling van die gids gee duidelike hoe en waar die geskille lê, soos onder andere: Die Waarheid/Bybel word nie aanvaar nie maar oor gefilosofeer, sinodebesluite wat in stryd is met ons geloof in die Bybel en belydenisskrifte word geneem; ingevolge van 'n vasgeloopheid in Skrifbeskouing wat bereik is en nie deur die Skrif gefundeer kan word nie. Die Skrif word dus gebruik – op bedrieglike wyse; met bedenklieke eksegeese en hermeneutiek soos "Het God werklik gesê julle mag ... nie?"

Die antwoord op die skrywer se vrae lê dan voor die hand liggend daarin dat die fundamentele Skrifgesagverskille en interpretasie daarvan wesenlik is. Dit is dus meer sinvol om die beginsels daarvan, soos hierbo in die beoordeling, voor die uitvloeiende daarvan ter sprake te bring.

## Hoekom huil (doleer) ek?

**André Oberholzer van Potchefstroom skryf:**

Ek wil graag antwoord op Neels Jackson se brief (Is dit wat die doleerders verwerp?) van 11 Januarie.

Ja, Neels, ek huil oor die volgende en ek vra of ons nie dalk vir God verwerp nie:

- Ek huil omdat ons nie meer die vraag vra: Wat maak God gelukkig nie? (sien Ef 5:10). Ons konsentreer net op wat vir die mens gelukkig maak, maar God maak nie saak nie. God moet maar verander en inval by die nuwe denke van ons, die superslim mense wat enige sonde in die Bybel kan interpreteer om hulle en die wêreld te pas (Sien Rom 3:9-18).

- Ek huil omdat ons te eng kyk na liefde en Jesus se liefde dan misbruik om die wêreldsiëning te pas. Daar is drie dinge wat die Christen moet nastreef – liefde, geloof en integriteit. 1 Timoteus 4:12 (NLV).

- Liefde – ek huil omdat liefde uit twee bene bestaan, liefde vir God en liefde vir jou naaste en ons het vergeet van die liefde vir God. Liefde vir God (1 Joh 2:5) beteken 'n absolute soeke na wat vir God gelukkig maak (Ef 5:10). Neels,

niemand kan uit die Bybel aantoon dat God nie die huwelik tussen een man en een vrou as heilig en ononderhandelbaar beskou nie. Wat sê ons besluit vir God: Ons weet U beskou die huwelik as heilig, maar ons is jammer U sal maar moet verander om by ons te pas, want ons beskou nie u huwelik as heilig nie en stel selfdegeslagverbintenisse as gelykstaande aan u heilige huwelik. Jammer God, maar die Skrifkenner weet beter as U. Ons wil eerder mense en die wêreld tevrede stel as U.

- Geloof – ek huil omdat die kerk nie meer in die Bybel glo soos hy moet nie. Selfdegeslagverbintenisse word nêrens in die Bybel en belydenisskrifte goedgekeur nie. Moet ons die groot en onveranderlike God verander om by die wêreldsiëning te pas omdat ons nou glo wat ons wil en herinterpreteer soos ons wil?

- Integriteit – ek huil omdat die Algemene Sinode (AS) se besluit soveel teenkanting veroorsaak het. Wanneer enige besluit met integriteit geneem word, is daar normaalweg nie teenkanting nie. Tweedens. Maak die eenheid van die kerk regtig saak vir die Algemene Sinode? Indien dit saak maak moet ons alles in ons vermoë doen om die eenheid te behou, want dit is wat God wil hê.

Neels, elke lidmaat moet besluit of hy God gaan eer en verheerlik en bo enige aardse sake stel. Indien jy uit 'n menslike oogpunt na hierdie saak kyk, is jy moontlik reg, net soos Eva ook reg was uit 'n menslike oogpunt, maar ongehoorsaam aan God. Elke persoon sal moet besluit of hy aan God gehoorsaam wil wees of aan die wêreld/mense. Ek en my huis, ons sal die Here dien.



## Is NG Kerk dan twee kerke in een?

Henrietta Klaasing van Randfontein skryf:

Op 20 Januarie is 'n videoboodschap van ds Nelis Janse van Rensburg geplaas onder die opskrif: "Ons aandag hoort nou by sorg, nie stryd".

Die hoofboodschap van hierdie video gaan oor eenheid in die NG Kerk. In verskillende berigte in die media, ook hier in *Kerkbode*, word dit duidelik gestel dat die algemene sinode reeds die kerk geskeur het.

Daar is ook herhaaldelik berig dat eenheid vir baie mense en ook vir MKN (wat pertinent deur ds Janse van Rensburg genoem word) belangrik is. Ds Theo Danzfuss word aangehaal in bogenoemde berig: "Ware kerkeenheid is vir ons baie belangrik maar die Bybel ken geen eenheid ten koste van die waarheid nie. Dit is slegs moontlik waar gelowiges ooreenkom om saam in liefde by die waarheid te

bly. Die Bybel ken geen kunsmatige eenheid ten koste van die waarheid nie." Daarmee kan ek my heelhartig vereenselwig.

Om sy punt te stel, word diversiteit en verskille verskeie kere genoem deur ds Janse van Rensburg en word aan die hand van voorbeelde bespreek. Soos die verskeidenheid mense wat betrokke was by die uitstorting van die Heilige Gees en arm en ryk wat daarna ruimte maak vir mekaar. Dan praat hy oor die verskille aangaande die eet van offervleis. Die sinode in Jerusalem oor onder andere die eet van offervleis in Handeling 15 was nie bloot 'n vergadering om mekaar se opinies aan te hoor en 'n kompromie te vind oor verskillende standpunte nie. Dit is swak eksegeese om daardie Skrifdeel te gebruik om lidmate te probeer oortuig om 'n gesindheid van verdraagsaamheid te openbaar oor selfdegeslagverbintenisse in die kerk.

Volgens ds Janse van Rensburg kan daar 'n gemeente wees wat sê ons sal homoseksuele verhoudings akkom-

modeer, maar nooit kondoneer nie. Ander sê nee, ons sluit hulle in. Die kerk wil ruimte maak vir albei standpunte. Altwee is bona fide. Daar is twee ruimtes. Hiermee verklaar hy dat die NG Kerk eintlik "twee-kerke-in-een" kan wees. Dit is tog onhoudbaar! Jesus self as die Woord verklaar in Markus 3:24: "As 'n koninkryk onderling verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie".

Teen die einde vra hy dat ons mekaar moet versorg, met mekaar moet praat en ons hande uitsteek na mekaar en meld ook dat dit 'n tyd is om saam te bid en om getroos te word deur die Trooster. Daarmee kan ek myself ook heelhartig vereenselwig. Voordat dit alles kan gebeur, sal daar ernstig besin moet word oor wanneer ware kerkeenheid bewerkstellig kan word, wat is waarlik kernsake in God se Woord en wat is randsake en die onhoudbaarheid van ruimtes wat so wyd is dat dit God se koninkryk onderling verdeel. DAAR hoort ons aandag.

Ek skryf hierdie in my eie hoedanigheid as gewone besorgde lidmaat.

## 'Nelis maak denkfout oor Heilige Gees'

Abrie Botha van Somerset-Wes skryf:

Nelis Janse van Rensburg (die moderator van die algemene sinode) sê tereg (in sy videoboodschap waarvoor *Kerkbode* op 29 Januarie berig het) ons eenheid lê in ons verbondenheid met Christus. Hy maak ongelukkig 'n groot denkfout oor die Heilige Gees.

Die Heilige Gees verbind ons aan Christus en die Woord. Die Heilige Gees weerspreek nooit die Woord nie maar bevestig dit. Christus sê die Heilige Gees sal julle alles leer wat Hy geleer het en wat die Woord ons leer. Is die Woord van God dan nie die leerboek van die Heilige Gees nie? Ek vra maar net.

Die besluit oor selfdegeslaghuwelike kom van die mens af, nie van die Heilige Gees nie. Nee, Nelis, ons eenheid in die Heilige Gees lê in ons gehoorsaamheid aan Hom en die Woord.

## Getuienis

# 'My lewe is in 'n oogwink verander,' skryf man voor sy dood

*Charl Munnik het dié aangrypende getuienis vanuit sy hospitaalbed geskryf voordat hy ontslaan is en twee weke later tydens 'n rooftog doodgeskiet is. Hy laat sy moeder, Esmé Munnik, suster, Suzanne Haylett, swaer, Travis Haylett, en sy susterskinders agter. Hierdie skrywe, wat oorspronklik op Facebook geplaas is, word met toestemming van Munnik se familie gepubliseer:*

Vandag is ek nog in staat om my storie te vertel deur God se genade. Nie almal het daai voorreg nie.

Almal wat my ken weet dat ek al 'n paar keer amper my Hemelse Vader ontmoet het.

Nog nooit was die stryd amper verlore soos dié keer met dié siekte nie.

Hoekom die Here besluit het om my te red sal ek nie nou weet nie – dalk eendag.

Maar vir vandag wil ek van die geleentheid gebruik maak om my storie te vertel tot eer van my Hemelse Vader.

Dalk help dit iemand wat nou deur dit gaan waardeur ek gegaan het. Dalk help dit jou, Jan Alleman, om jou masker op te sit, minder rond te loop en te besef dat Covid vra nie vrae nie – hy kies nie wie hy plattrek nie.

Laat Desember was my woorde van dankbaarheid, omdat ons gesond is, skaars koud, toe begin my simptome.

Ek het Covid.

Die dag toe ek besef ek kry nie meer asem nie het ek myself hospitaal toegery.

My longe was skoon en hulle het my

opgeneem en op suurstof gesit.

Enkele oomblikke later was my longe deurtrek van bloedklonte.

My geveg het begin. So passievol soos wat ek 'n storie kan vertel, met soveel passie en hart het ek geveg vir oorlewing.

Die dokter het my goed laat verstaan dat my kans om hieruit te stap, skaal is.

Twee weke lank het ek geworstel met hierdie siekte. 'n Paar keer kon ek die dood sien, ek kon voel hoe dit nou, hier en vandag, my laaste dag op aarde is.

Die koors het my gevat, ek het soms nie geregistreer wat om my aangaan nie. Jy verloor dae en oomblikke.

Een dag het ek gevoel hier is dit nou. Ek het my ma gebel en gevra dat sy en almal nou vir my moet bid, want ek gaan dit nie maak nie.

Ek kan sommige belewenisse nie in woorde omsit nie. Maar ek kon voel hoe ek terugkom. Ek kon voel hoe ek nuwe lewe kry. Die krag van gebed.

Vandag is ek op pad huis toe. Ek het nog 'n kans gekry.

Hierdie siekte is werklik. Die magtelosheid is werklik. Die alleenheid is werklik.

Jy en net jý in 'n hospitaalkamer, terwyl jy veg vir jou lewe, is werklik.

Covid is werklik. Hy trek jou plat.

Dankie vir almal wat my ken, en selfs die wat my nie ken nie en steeds opgedra het in julle gebede.

Julle woorde van bemoediging, julle omgee en boodskappe het my gedra.

Dankie vir die verpleegpersoneel wat vir my soos familie laat voel het. Ek is somer emosioneel om hulle vandag te groet.

Ons het saamgestaan deur hierdie seisoen in my lewe.

Ek hoop dat niemand hierdie ding moet deurmaak nie.

Die wat die stryd verloor het – mag julle sag rus in die arms van ons Hemelse Vader waar ons geen pyn meer ken nie.

My lewe is in 'n oogwink verander.

● Besoek *Kerkbode* se susterpublikasie LiG by [www.lig.co.za](http://www.lig.co.za)

“Hoekom die Here besluit het om my te red sal ek nie nou weet nie – dalk eendag.”



# Historiese gemeente wil



**By Groote Kerk se eerste gebou-erediens vir 2021, tref *Kerkbode* 'n gemeente aan met vredesplanne wat terugstrek na Krotoa.**

LE ROUX SCHOEMAN

**M**arthie Schoeman rig op 'n helder Sondagmôre die liggaamstemperatuurmeter skouerhoogte voor haar uit en vir 'n oomblik lyk die gryskop met haar swart masker en verstandige plakkies meer soos iemand by 'n skietoefening op 'n weerbaarheidskamp as hoofouderling van die oudste NG gemeente in Suid-Afrika.

Dan sien 'n mens egter haar wapen van voorkeur: die sogenaamde "smize" (kort vir *smile with your eyes*) ... Daardie allerbelangrike vaardigheid vir maskerdraers regoor die wêreld wat 'n tikkie medemenslikheid wil oordra te midde van die perke en voorskrifte wat Covid-19 meegebring het. "Welkom," sê twee blou oë.

Binne die kerkgebou dreun die grootste orrel in die suidelike halfmond reeds. Roucher du Toit het sy violetblou dubbelknoopbaadjie uitgetrek en werk nou die instrument se sake soos hy die afgelope 30 jaar reeds as orrelis hier by Groote Kerk in Adderleystraat, Kaapstad, doen. En soos stellig min ander mense kan.

Die voorspel borrel via die pedale en die konsolle met sy 102 registers uit by die pype, waarvan die langste 9,5 m is en daal via die pleisterplafon benede op vandag se klein gehoor, 19 all told.

Marthie se man, Nico, kom nader om haar by die kerk se ingang by te staan met die nuwe soort mini-liturgie wat aanbiddingsplekke, nes werkplekke, kroë en eetplekke moes baasraak: sanitasie, inteken, temperatuurmeting aanteken.

Hierdie paartjie het sowat vyf jaar gelede uit Pretoria in die Kaap kom vestig en Nico, wat die koster hier is, maak effens verleë verskoning vir hoe min mense die oggenddiens bywoon. "Ons het darem besig gebly in lockdown, ons het drie begrafnisse gehad, volgende maand is daar 'n troue," vertel hy.

Dit is die eerste Sondag na president Cyril Ramaphosa op 1 Februarie aangekondig het dat eredienste mag hervat na 'n tweede piek in Covid-infeksies geloofsaamtrekke 'n groot risiko in die oë van reëlmakers gemaak het. Ramaphosa het tydens die uitsending aangekondig dat die eerste entstofbesendings vroeër dieselfde dag in Suid-Afrika aangeland het en dat die doelwit van die reuse-inentingsveldtog nou bevolkingsimmunitet is. Te laat vir meer as 46 000 mense in Suid-Afrika, maar 'n bron van hoop vir veel meer.

Ondanks die lewensverlies en vernie-

tigende ekonomiese agteruitgang weens inperkingsregulasies was daar volop meningsverskil oor hoe toepaslike versigtigheid lyk – ook in kerkgeledere. Op gemeentevlak moes honderde NG gemeentelidmers en derduisende geloofsleiers regoor die land al vir maande verskillende variasies op dieselfde balanseertoertjie probeer uitvoer – tussen verantwoordelikheid en oorversigtigheid. Tussen wetsgehoorsaamheid en roepingsgetrouheid. Organisasies soos Freedom of Religion South Africa (FOR SA) het kort voor Ramaphosa se rede 'n dringende aansoek by die Johannesburgse Hooggeregshof gebring om die verbod op geloofsgebaseerde byeenkomste op te hef. Die NG Kerk het by monde van dr Gustav Claassen, die algemene sekretaris, van FOR SA se benadering verskil.

Vanoggend is dit alles van akademiese belang. Hier, in hierdie ruim aanbiddingsplek, wat sosiale afstand eintlik al jare beoefen danksy dalende lidmaatskap en bywoning in die middestad, mag 50 mense volgens wet nou doodluiters saam aanbid.

Ds Riaan de Villiers hou sy masker op wanneer hy Anton Anreith en Jan Jacob Greeff se enorme, leeu-aangedrewe preekstoel bestyg. "Dis inderdaad 'n tyd van verlies ... wat lê op verskillende vlakke," sê die donkerkop leraar, wie se eie gesin vanoggend 'n stewige persentasie van die kerkgangers uitmaak waar hulle alleen in een van die historiese kerk se kenmerkende boksbanke met toesluitdeurtjies sit. Die leraar merk op dat die aankoms van die entstof vir Covid-19 "inderdaad ook 'n antwoord op ons gebede is."

Daar is geleentheid vir kerkgangers om tot voor in die kerk te stap en 'n kers aan te steek vir vriend of familielid wat oorlede is.

Die teksgedeelte is Lukas 10, 'n Bybelboek geskryf deur 'n geneesheer. Maar die tema waarop De Villiers fokus in hierdie tweede aflewering van 'n preekreeks is vrede (in die hart, huis en wêreld). Dit is nou die holistiese verstaan van die woord vrede, soos wat 'n mens dit in die Bybeltale aantref, verduidelik hy. As dit kom by vrede in die huis, praat hy van *oikos*, die Griekse woord vir huis, wat nie net na die gebou verwys nie, maar ook die wyer begrip van wie daarin woon en boonop nie net die kerngesinnetjies wat ons maar in die laaste eeu of so in huise begin pas het nie, maar die uitgebreide verbande van diegene wat saam onder een dak gewoon het.



# 'huis van vrede' wees

Dit is ook die stamwoord wat herken kan word in ander Afrikaanse woorde soos ekonomie, waar dit met die Griekse woord vir wet of reël (*nomos*) werk om die huisreëls uit te spel. In so 'n ekonomie moet daar regverdigheid wees vir vrede om te heers, preek De Villiers. As sy kinders sjokolade kry, word daar vir een gesê, "jy kies" en vir die ander, "jy deel". Dán breek daar vrede uit, skerts hy. So ook met die breër "huis" waarin ons leef. "Uiteindelik help regverdigheid dat vrede seëvier." Só 'n huis wil Groote Kerk wees. 'n Huis van vrede ... 'n sentrum waar genesing kan plaas-

vind, vertel De Villiers en gaan draai dan op verrassende wyse by Krotoa (alias Eva), wat in die sewentiende eeu as tolk vir Jan van Riebeeck en sy amprenare opgetree het. "Krotoa is hier begrawe op ons kerkerrein," het De Villiers vertel. "Sy het probeer om as tolk op te tree en vrede te bewerkstellig. Op 'n manier kan sy as vrou vir ons as inspirasie dien."

Die gemeente se eerste fisieke erediens vir 2021 loop ten einde. Roucher du Toit skuif gereed agter sy orrel vir die afsluitspel en die gemaskerde lidmate beweeg uit die kerkbanke – hûiswaarts.




Foto's: Le Roux Schoeman

1. Nico en Marthie Schoeman, iets van 'n 'power couple' by Groote Kerk. "Sy is die power, ek die couple," skerts Nico as 'n mens hom daarvoor uitvra.

2. Ds Riaan de Villiers hou vir 'n wyle sy masker op wanneer hy Anton Anreith en Jan Jacob Greeff se enorme, leeuvaangedrewe preekstoel bestyg. "Dis inderdaad 'n tyd van verlies ... wat lê op verskillende vlakke," sê die donkerkop leraar.

3. Hierdie ruim aanbiddingsplek handhaaf "sosiale afstand" eintlik al jare danksy dalende lidmaatskap en bywoning in die middestad.

4. Roucher du Toit se orrelspel borrel via die pedale en die konsolle met sy 102 registers uit by die pype, waarvan die langste 9,5 m is. Die orrel en Du Toit se spel is in eie reg 'n trekpleister na hierdie diens.



# Godsdienbediening voorsien in daaglikse behoeftes

MARLI VAN EEDEN

“Covid-19 het beklemtoon hoe belangrik volhoubare voedselvoorsiening is. Ons het besef dat die uitdeel van kospakkies nie juis volhoubaar is nie, ons wou mense bemagtig om hulle kos te produseer, en daarom het ons begin sade uitdeel.”

Só vertel dr Braam Hanekom, direkteur van die Sentrum vir Publieke Getuienis en voorsitter van die Hoop en Versoening Trust. Hierdie organisasie sonder winsbejag wil hoop versprei en fokus op vroeëkindertontwikkeling asook landelike ontwikkeling.

Een van die organisasie se hoofprojekte tans, is die #GROEI-projek, in samewerking met Diaconia en Groen-span (Getuienisaksie), waar groentesaad in gemeenskappe uitgedeel word om hulle in staat te stel om hulle eie groentetuine te begin. Dié projek is tydens die Covid-19-pandemie van stapel gestuur.

“Versoening kan maklik ’n ‘afgesaagde’ woord word, en dáárom het ons besluit om dit in iets tasbaar te omskep.”

Annelie Brits, die admin-koördineerder van die Sentrum vir Publieke Getuienis en een van die bestuurders van die #GROEI-projek, vertel die doel met die projek is om gemeenskappe te probeer help om meer selfonderhoudend te wees.

“Ons het ’n hele reeks saadpakkies, van wintergewasse tot somergewasse, wat maklik groei. Die saadpakkies kan ’n gesin die hele jaar van groente voorsien.”

Brits vertel dat 45 instansies, onder andere kerke en skole, al betrokke geraak het by die projek deur te help met die verspreiding van die sade. Oor die 417 individue en gesinne in die Wes-Kaap-omgewing het al saadpakkies ontvang om hulle groentetuine mee te begin. Die #GROEI-projek is ook genooi om met die Departement van Landbou se Ontwikkelings- en Opleidingsstaakspan saam te span om sowat 2 000 gesinne te identifiseer wat ’n geskenkpak (onder meer toerusting, saailinge, kompos, en wortel- en blaarvoeding) ontvang na afloop van ’n opleidingsessie.

“Wat hierdie projek spesiaal maak is die feit dat almal betrokke kan raak. Jy het nie ’n graad of spesiale vaardighede en opleiding nodig nie. Dit is bekostigbaar, en kan deur jonk en oud geniet word,” meen Brits.

“Die projek help ons om nader aan God, die natuur, die grond en volhou-

baarheid te beweeg. Dit help ons herwin, gesond eet, en voed nie net ons lyf nie, maar ook ons siel,” vertel Hanekom.

“Die Hoop en Versoening Trust het begin as ’n inisiatief om mense bymekaar te bring en te bemagtig,” vertel Hanekom. “Die armoede op die platteland is baie erger as wat mense besef, daarom is landelike ontwikkeling van kardinale belang.”

Mnr Herman Bailey, een van die trustees van die trust en dryfkragte agter die landelike ontwikkelingskomponent, beaam dit. Bailey was destyds onder meer betrokke by die tot stand bring van die Landelike Stigting, en is ook ’n voormalige burgemeester van Wellington in die Boland. Dit is juis as

gevolg van sy ervaring in landelike ontwikkeling dat hy betrokke geraak het by die trust.

“As gevolg van armoede is daar ’n groot agterstand op die platteland. Wanneer ’n mens iets doen om dáárdie mense se lewenskwaliteit te verhoog, sien jy die verskil in die mense se uitkyk oor die lewe,” vertel Bailey.

“Daar is soveel mense wat om verскеie redes hulle lus vir die lewe verloor. ’n Mens sien baie drank- en dwelmmisbruik in landelike gebiede as gevolg van hopeloosheid en wanhoop. Ons wil dus vir mense geleentheid skep en nuwe visie gee.”

Die trust is by verskillende projekte betrokke in dorpe soos Kleinmond,

Ceres, Beaufort-Wes, Victoria-Wes en Sutherland. Projekte sluit in die bou van gemeenskapsentrums, die opknapping van huise, vaardighedsopleiding onder die jeug en volwassenes, en ook inisiatiewe in vroeëkindertontwikkeling.

’n Projek wat vir Hanekom uitstaan, is die verfraaiing van huise op Sutherland, waar 25 huise gevef en opgeknop is. “Dit is nie altyd moontlik om huise te bou nie, vanweë die enorme koste daarvan. Deur egter huise te veff en op te knop, maak ’n mens reeds ’n verskil aan mense se gemoedstoestand en menswaardigheid.”

So is daar talle projekte wat Hanekom na aan die hart lê, en kan hy nie sommer uitgepraat raak nie. Die Wamakers-Opleidingsentrum, in die Wamakersvallei, is ’n voorbeeld van een van die trust se projekte, waar vaardighedsontwikkeling bo-aan die lysie is. Werklose mense word opgelei om geskoolde werkers of entrepreneurs te word as versorgers, kokke en haarkappers.

Hanekom vertel hulle sit nie ’n oomblik stil nie en is altyd op die uitkyk vir maniere om gemeenskappe by te staan. Die werk van die trust is immers vir hom van die “lekkerste” werk waarby hy al betrokke was.

“Die Here voorsien goed vir ons. Ons kry een of twee groot skenkings, maar ons het besef ’n mens benodig nie miljoene rande om ’n verskil te maak nie. Met ’n paar rand kan jy óók ’n groot impak in mense se lewe maak, dit hang af hoe jy die fondse gebruik,” meen Hanekom.

“Die Here werk met konsepte soos die mosterdsaadje, ons weet dus met die genade van die Vader kan ons ’n ekspanensiële verskil maak.”

Hanekom meen dit is belangrik om vennootskappe te smee met die gemeenskappe wat deur die trust se projekte geraak word, en volgens Bailey is dit juis wat vir hom ook uitstaan van die trust.

“Ons fokus op menseverhoudings. Wat vir my uitstaan van hierdie inisiatief is dat dit ’n kerkgedrewe program is, maar dat dit nie net oor godsdienbediening gaan nie, maar om werklikwaar die daaglikse behoeftes van mense aan te spreek,” vertel Bailey.

“As ons almal op dieselfde bladsy kom, en dieselfde doel voor oë het, sal ons makliker kan versoen. Ek glo ’n vorm van versoening is ook om dit wat jy het te deel met ander, om hulle lewe sodoende te verryk. Is dit nie ons roeping om uit te gaan en te dien nie?”



Foto verskaf

“Wat vir my uitstaan van hierdie inisiatief is dat dit ’n kerkgedrewe program is, maar dat dit nie net oor godsdienbediening gaan nie, maar om werklikwaar die daaglikse behoeftes van mense aan te spreek.” – Herman Bailey, trustee van die Hoop en Versoening Trust.

Kosters gesels oor grendeltyd se leë kerkgeboue

# 'Ek het die kerkbanke een vir een gewas'

JACOBIE M HELENA

**D**aar is die versorging van die kerkterrein, geboue en toerusting ... En wanneer daar 'n nagmaal, troue, begrafnis of kerkfunksie is, moet jy die voorbereiding help doen. Want jy is die koster van die gemeente. Só dien jy die Here.

Maar hoe gemaak as 'n pandemie die wêreld op sy kop draai en eredienste en ander sosiale byeenkomste word verbied? *Kerkbode* het 'n paar NG gemeentes se name uit die hoed getrek en op die foon geklim om uit te vind hoe grendeltyd kosters se werk en lewe geraak het.

Vir Dries de Jager was die hele spul 'n bietjie vinnig op hom. "Toe die gras te lank begin raak en die tuindienste ook in lockdown was, moes ek maar my tekkies aantrek en my rugbysokkies hoog optrek en self met die grassny inspring," vertel hy laggend. Dit was vir De Jager, van **NG gemeente Parys-Wes**, uitdagend toe die eredienste weer begin, want daar was skielik soveel nuwe maatreëls. Die kerkbanke moes afgesper word om sosiale afstand tussen die kerkgangers daar te stel. Reinigings, registers ... "Dit was regtig baie anders. Wat jy as koster nog altyd gedink het jou werk is, het skielik handomkeer verander. Dit is 'n baie groter verantwoordelijkheid. Mense se gesondheid en die handhawing van die reinigingsmaatreëls is op jôu," vertel De Jager.

Uit KwaZulu-Natal vertel Wiekie Sonnekus sy het drie geliefdes in 2020 aan die dood afgestaan. Hierdie koster en skoonmaker by **NG gemeente Dundee** vertel sy is nietemin dankbaar vir die Here dat sy nog 'n volle salaris deur die jaar kon ontvang.

Vir Annatjie du Toit, koster by **NG gemeente Sannieshof** in Goudland

Sinode, was dit 'n tyd van stilte en stil-raak. "Ons het die banke een vir een gewas. Dié skoonmaak was goed vir my siel. As ek so alleen in die kerkgebou tussen die banke skoongemaak het, het ek ongelooflike tye van stilte met die Here ervaar. Dit was vir my 'n tyd van gebed," vertel sy.

By **NG gemeente Elliott**, vertel Thinus Bossa weer dat misdadigers hulle ongelukkig nie laat inperk het tydens die grendeltyd nie. Diewe het hierdie Oos-Kaapse gemeente se spreiligte gebuit.

Die impak was ook groot op studentekerke, soos **NG PUK-Kandelaar** op Potchefstroom. Waar die meeste universiteite slegs aanlyn-klasse in 2020 aangebied het, was kosterwees vir Dawid van der Walt, 'n vierdejaar ingenieurswesestudent, 'n heel ander storie. Hy het nie werk gehad nie. Van der Walt vertel hoe sy lewe verander het en hy persoonlik tot stilte geroep is: "Dit was vir my 'n ongelooflike groot aanpassing. Waar ek voor die koronaviruspandemie vier dae per week vir maklik 20 ure by die kerk besig was, was daar skielik niks. Ek het regtig left out gevoel. Ek het die grootste deel van my tyd as student aan die kerk toegewy en was betrokke by die kerk. Ek was só committed. Nadat eredienste weer hervat is, voel dit steeds nie soos dit voorheen was nie," het Van der Walt gesê. Hy vertel dat dit selfdisipline geveg het om op sy eie kerk te hou en rustig by die Here te raak. Hy is opgewonde dat hy homself in dié gedwonge tyd van stilte weer kon vind en stokperdjies beoefen. Máár hy wil terug kerk toe. "Ek het 'n honger om weer met die *bands* te werk en die kerk vir die erediens gereed te kry. Die ware bediening van die Here te doen en te help met die bediening van die Woord."



Dries de Jager, koster by NG gemeente Parys-Wes, moes tydens grendeltyd self met die grassnyer inspring. Hy het sy ou rooi rugbysokkies en tekkies aangetrek en begin sny dat die stof staan. Dié foto het sy vrou Lesinda, sonder sy medewete, geneem.

## Klein venstertjies op God





## Niks uit jou kraal

In Psalm 50 kapittel die Here sy volk en maak hulle dowwe brille skoon: "Ek wil geen jong bul uit jou stal hê of bokke uit jou krale nie, want al die diere in die bos is Myne, die wild op duisende berge. Ek ken al die voëls van die berge; al wat roer op die veld, is Myne. Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My" (9-12). Waarom? Hulle het die kultus (erediens) tot die vlak van die heidene laat daal en in 'n totale, niksseggende vormgodsdien (sonder hart) laat verval.

In teenstelling met die lewelose gode, wat die volk aanbid het, is Hy en Hy alléén die magtige Skepper, Eenaar en Versorger (Ps 104:14, 27) van alles wat leef en beweeg op aarde, selfs die diere van die veld. Ware kultus (gemeenskap met God) vereis dat Hy as sulks geëer word.

– Kobus Smit

[fineartamerica.com/profiles/kobus-smit](http://fineartamerica.com/profiles/kobus-smit)  
Foto: Melkplaas by Friemersheim



## Hoe ge- maak met 'toksiese' gemeentes?

*A church called Tov: Forming a goodness culture that resists abuses of power and promotes healing* deur Scot McKnight & Laura Barringer  
Uitgewer: Tyndale Momentum, 2020  
Resensent: Arnau van Wyngaard

**T**ov is 'n Hebreeuse woord. Dit beteken 'goed'. God het na elke skeppingsdag gesê: 'Dit is tov'. In hierdie boek van McKnight en Barringer wil die outeurs die leser se oë oopmaak vir kerke en gemeentes wat *nie* 'tov' is nie – gemeentes wat toksies geword het as gevolg van 'n leraar wat 'n gemeente met vrees manipuleer en weier om foute wat gemaak is eerlik aan te spreek.

Die outeurs maak gebruik van onlangse gebeure by kerke soos Willow Creek om die beginsels van toksiese gemeentes mee te beskryf. Maar dit is nie slegs makro-gemeentes wat die gevaar loop om toksies te raak nie. "What matters is not the size of the church but the size of the pastor's ego."

Die tweede deel van die boek handel oor "tov" gemeentes – gemeentes wat bestaan met die doel om God te verheerlik deur kerk te wees soos Christus ons geleer het. Die skrywers pleit onder andere daarvoor dat ons moet ophou om gemeentes soos 'n besigheid te bestuur en dat predikante moet ophou om 'leiers' te wil wees. Predikante is in die eerste plek 'pastor'.

Ons almal ken gemeentes wat toksies is. Die goeie nuus is dat selfs toksiese gemeentes omgeswaai kan word om weer 'tov' te word. Hierdie is 'n boek wat leraars en kerk-raadslede móét lees, as hulle graag 'n 'tov' gemeente wil hê.

► *Dr Arnau van Wyngaard is die algemene sekretaris van die Swaziland Reformed Church asook die hoofuitvoerende beampte van Shiselweni Home-Based Care.*

## Bedrewe skrywer wys hoe om swaar onderwerp lig te hanteer

*Die klip in Lisa se borskas* deur Siegfried Louw  
Uitgewer: Bybel-Media, 2021  
Resensent: Rethie van Niekerk

**K**inderboek oor die dood? Vir volwassenes mag dit met die eerste oogopslag vreemd klink. Tog is dit 'n onderwerp waarvoor kinders dink en vrae vra. Maar hoe praat jy met kinders oor so iets? Wanneer jy meestal self nie eens die nodige woorde het nie?

Dan lees jy Siegfried Louw se *Die klip in Lisa se borskas*. Met die eenvoudige sketse, eenvoudige taalgebruik en bedrieglik eenvoudige storie, kan die leser

Lisa se hartseer voel. Die beskrywing trek die leser in en help jou om die klip in jou eie borskas raak te sien en te verwoord.

Lisa se storie is, volgens die flapteks, "n uitnodiging om [onder andere] die dood van 'n geliefde te verwerk; 'n swaar onderwerp lig te hanteer, die verskillende ervarings wat verlies inhou raak te sien; jou eie belewenisse en emosies te ontvang vir wat dit is".

Louw gee ook nie "toemaar"-antwoorde nie. Kinders se hartseer word nie weggepraat, ontken of onder 'n soetsappige sousie goedgemaak nie. Kinders kry nie alleen toestemming om hartseer te wees nie, maar ook, so ongemerk,

toerusting om met verlies te leef.

Louw se teoretiese kennis en praktiese ervaring as spelterapeut is duidelik sigbaar. Dit maak van hierdie boek 'n besondere hulpmiddel vir elke ouer, grootouer, dominee, onderwyser – en volwassene wat met hulle eie verlies moet saamleef.

Daar is ook 'n patroon wat gebruik kan word om 'n Lisa-pop te maak.

- *Die klip in Lisa se borskas* sal eersdaags beskikbaar wees in Engels, isiXhosa en Sesotho.

► *Ds Rethie van Niekerk is predikant van Blouwaterbaai Familiekerk in Port Elizabeth.*

## Mev ds word hier (uiteindelik) mevrou in eie reg

*Randfigure: Stemme van toe tot nou* deur Lisel Joubert en Isabel Murray (redakteurs)  
Uitgewer: Red Mouse Publication, 2020  
Resensent: Franziska Andrag-Meyer

**M**et goeie speurwerk volg die skrywers verskillende leidrade uit bronne wat eintlik aan ander mense se name gekoppel is in die NG Kerk Argief, om geskiedenis "van-onder-af" te skryf, eerder as uit die perspektief van die magtiges.

So kry iemand, gewoonlik net "mev Attie Brink", naam en karakter en vind ons Alice Mabel Brink, 'n sendeling in eie reg. Ons leer ken iets van Jane Waterston se frustrasie en ontugtering nadat sy met groot entoesiasme die sending betree het. In Londen sou sy Anatomie kon gee, maar op Livingstonia moet sy kinders die alfabet leer. Jane was een van die eerste vroue ter wêreld

om as mediese dokter te kwalifiseer, al is die titel nie destyds saam met die kwalifikasie aan vroue toegeken nie. Pauline Pretorius, daarenteen, het met oorgawe as sendingdokter op Mlanda gedien. Ella Neethling word in 1904 die amptelike redakteur van die tydskrif *De Weeker*, die eerste vrou in die Afrikaans-Nederlandse media in 'n permanente aanstelling, en bedryf die tydskrif uit haar siekbed! Dan is daar ook die gesamentlike werk van vroue in die Vroue Zendingbond, die mees omvangryke en invloedryke organisasie van vroue tussen 1889-1983.

Hierdie inspirerende en konfronterende boek laat meer vrae as antwoorde. Die skimme van mense kry buitelyne, maar die beskikbare inligting is te skrap om duidelike portrette te vorm. Daar is vele gapings waarvoor die skrywers en die leser net kan raai ... Wat was oor van die ouer-kind-verhouding tussen Margaret Vlok en haar kinders, as sy hulle net elke

vyf jaar tydens haar verlof kon sien? Wat maak 'n mens met 'n roepingsverstaan wat families pynlik verskeur het? En tog, wat het die Here nie deur hierdie feilbare mense gedoen nie? Dink ons nie vandag heeltemal te klein oor wat gewone lidmate se roeping behels nie?

Die boek is goed versorg met 'n verskeidenheid van sepiafoto's uit die argief. Dit is nie die tipe boek wat 'n kronologiese verhaal vertel nie. Die korter verhale is elkeen 'n foto in eie reg, wat in dieselfde album hoort met baie onderlinge familieverbintenisse.

"Lees saam, stel jouself oop vir hierdie uiteenlopende stemme en word getuies van hierdie vroue se lewens," nooi Lisel Joubert.

- Die boek is beskikbaar by isabellemurray73@gmail.com @R300 + R100 posgeld.

► *Ds Franziska Andrag-Meyer is predikant in die NG Gemeente Suidpunt.*

**I**n *Glo-stories* kry jy twee unieke stemme in een boek. 'n Storieverteller en 'n dominee wat sistematiese teologie doseer.

Twee van *Kerkbode* se gewildste stemme in 'n medium wat nie so vlietend soos die slimfoon of frommelbaar soos die papierkoerant is nie.

Nadia Marais vertel oor haar doel met haar rubriek: "Ek probeer elke keer in 'n positiewe trant skryf. My doktorsgraad het

gegaan oor wat dit beteken om te floreer."

Dana Snyman lag wanneer hy vertel dat hy weet sommige mense in literêre kringe mag hulle oë rol omdat hy deesdae vir *Kerkbode* skryf. Soos 'n musikant wie se loopbaan dalk 'n bietjie in die sand geloop het en nou bring hy kietlik 'n gospelalbum uit, skerts Dana.

- Die boek het middel-November verskyn. Besoek [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) vir aanlynbestellings.



# MAAK 2021 'N JAAR VAN GELOOFSGROEI

## DIE ALFABET VAN OORVLOED

Lizette is 'n geliefde rubriekskrywer vir *LiG*. Met haar diep insig in menseverhoudings, en haar deurwinterde wysheid as ma en ouma, neem Lizette jou op 'n reis vol liefde, saamwees en familie-dinge. Lees rustig Lizette se vertellings en laat die gloed van God se teenwoordigheid jou baai in sy liefdesoorvloed.



**R140**  
elk

## JY SAL OUKEI WEES

Milanie is 'n geliefde skrywer en rubriekskrywer vir *LiG*. Met praktiese raad en haar kenmerkende styl van bemoediging en begrip, help Milanie jou om jou geloof te lééf. Om stil te raak en te weet ... God is hier, God is vir ons, God is naby in elke oomblik van elke dag.



## GLO-STORIES

In *Glo-stories* kry jy twee unieke stemme in een boek. 'n Storieverteller en 'n dominee wat Sistematiese Teologie doseer. Twee van *Kerkbode* se gewildste skrywers, Dana Snyman en Nadia Marais, nou in 'n medium wat nie so vlietend soos die slimfoon of frommelbaar soos die papierkoerant is nie.



## VERSTAAN die Bybel

# Psalm 91 'n 'bumper sticker'-psalm

FANIE CRONJÉ

Die meeste van ons het al die slag-spreuk gelees: "Hierdie motor / huis (of wat ook al) word deur Psalm 91 beskerm", of in sy Engelse vorm: "This car is protected by Psalm 91".

Veral aan die begin van die Covid-19-pandemie, is hierdie psalm op verskillende platforms deur gelowiges rondgestuur. Psalm 91 spreek die vertroue uit dat God die regverdige teen plaë, peste en wilde diere sal beskerm, terwyl die kwaaddoener sal vergaan. Hoe moet ons in die laat-moderne era sulke taal verstaan, ook veral te midde van die Covid-19-pandemie?

Wat vir my 'n ontstellende ontdekking was, is dat dié psalm onder meer in een van die Psalmrolle wat by Qumran naby die Dooie See gevind is, onder 'n versameling bekend as die "Vier Psalms teen demone" voorkom. Drie van die

betrokke vier psalms was nie voorheen aan ons bekend nie, terwyl ons die vierde een as Psalm 91 ken. Dié psalm is dus reeds van vroeg af in sommige gemeenskappe as 'n soort besweringstek gebruik.

In die gebruikte grondteks vir Afrikaanse vertalings van die Bybel, het die psalm geen opskrif nie. Sommige noem Psalm 91 'n Tempelpsalms, want dit open onder meer met 'n tempelmotief. Talle navorsers verstaan die tempeltaal metafories eerder as letterlik, met Psalm 91 dan as uitdrukking van die gelowige se vertroue in God se beskerming oraloer en onder alle omstandighede.

Die psalm bestaan uit twee dele, te wete vers 1-13 en vers 14-16. Eersgenoemde is 'n tipiese wysheidslied (vgl byvoorbeeld Job 5:17-26), terwyl laasgenoemde meer aan 'n orakel herinner.

Indien ons Psalm 91 lees as 'n teks wat by die wysheid van Israel aansluit, bring dit werklike troos in ons konkrete lewensomstandighede van elke dag. Indien ons Psalm 91 met die bril van ou-Israel se wysheidstekste lees, word dit heel gou duidelik dat dié psalm op die vlak van tradisionele, geïkone wysheid lê. Doen die regte ding, op die regte tyd, onder die regte omstandighede en jy sal voorspoed beleef.

Oor die algemeen hou die meeste van ons van algemeen-geldende waarhede en eenvoudige beginsels, verklarings en formuleringe. Dit vereenvoudig immers die komplekse en uitdagende lewe van elke dag. En daarin lê ook die psalm se geweldigheid.

Ons vind egter in die Ou Testament ook proteswysheid. Dié soort wysheid hou rekening met die feit dat slegte dinge

met enigiemand kan gebeur – met slegte én met goeie mense, met mense wat nie op die Here vertrou nie én met mense wat op die Here vertrou. Twee Bybelboeke, naamlik Job en Prediker, verwoord kritiek op die tradisionele, geïkone wysheid. Job sê 'n mens kan nie altyd verstaan nie, maar moet steeds vertrou, terwyl Prediker gelate sê 'n mens moet die lewe maar vat soos dit kom.

Psalm 91 moedig ons aan om ten aansien van die grootste denkbare bedreiging, in die teenwoordigheid van die Here ons troos en beskerming te soek. Ons behoort dié oproep ernstig te neem. Ons doen dit egter altyd met die wete dat Job en Prediker die wysheid van Psalm 91 balanseer.

► Dr Fanie Cronjé is predikant van die NG gemeente Riviera-Jakaranda in Pretoria.

## TERUG NA DIE TOEKOMS

JOHAN VAN DER MERWE

"Miskien moet ons ook maar strand toe stap," skryf 'n bekende predikant van die NG Kerk in 'n rubriek na aanleiding van die onlangse verligting van die inperkingsregulasies. Daarmee het hy verwys na hoe mense op strande gaan betoeg het teen die voortgaande onsinnige sluiting van strande. Is dit regtig sinvol om 'n erediens vir 50 mense te hou? vra hy. Die vraag word nog meer akuit en die beprekings onsinnig as in gedagte hou word dat die meeste NG kerkgeboue sitplek vir honderde lidmate het. In Pretoria word 'n casino wat binne een kilometer van 'n NG Kerk af is, toegelaat om teen 50%

van sy kapasiteit te funksioneer. Minder as 'n kilometer verder is filmteaters oop en sit restaurante Sondae gepak om nie van winkelsentrums te praat nie – maar in die kerk mag net 50 mense saamkom.

Tydens die Groot Griep van 1918 het die burgemeester van Kaapstad kerke versoek om hulle deure te sluit. Hierop het 'n kerkleier soos volg gereageer: "U plaas my in 'n moeilike situasie en ek wil graag aan u versoek voldoen, maar ek kan nie sien hoe u leraars van gemeentes kan vra om hulle dienste op te skort nie." Hy vervolg dan: "Vir my is dit nou die tyd dat mense vertroosting nodig het."

Miskien moet ons mekaar opnuut daaraan herinner dat die saamkom van

die gemeente te doen het met die wese van die kerk se bestaan – en dalk voortbestaan. Die *Handleiding vir die erediens* verwoord dit soos volg: "Die erediens is die sentrale gebeurtenis in die voortgaande lewe van 'n Christelike gemeente. In die erediens gaan dit immers oor die ontmoeting tussen God en sy gemeente: God nader tot die gemeente en die gemeente nader tot God."

'n Verdere belangrike doel van die erediens is die feit dat dit uitdrukking gee aan die gemeenskap van gelowiges. Dit is helaas nie net 'n aantal losstaande individue wat saamkom nie, maar gelowiges wat onderling aan mekaar verbind is en wat onder leiding van die Heilige

Gees omvorm word vir hulle taak en roeping teenoor mekaar en teenoor die wêreld. In 'n tyd waarin mense mekaar regtig nodig het kan ons die huidige regulasies nie goedsdiks aanvaar nie.

Maarten Luther het tydens die reformasie gesê dat die kerk op haar pad deur die wêreld 'n strydende kerk is sodat dit aan die einde van die tyd die triomferende kerk kan wees. Miskien het die stryd nou vir die NG Kerk 'n werklikheid geword en moet ons maar gewoon die deure oopmaak – spreekwoordelik strand toe stap!

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

## 'Miskien moet ons ook maar strand toe stap'

## In pas met die lewende God

LOURENS BOSMAN

Hier in Februarie hoor 'n mens weer die liedjie "The book of love". Dit kom uit die fliek *Shall we dance?* en begin so:

*The book of love is long and boring,  
no one can lift the damn thing.  
It's full of charts and facts, and figures  
and instructions for dancing.*

Die mitiese boek van die liefde is dik en swaar en vervelig en behalwe allerhande statistiek bevat dit ook instruksies vir dans. Dans en liefde hoort bymekaar. Dit lê in die skoonheid van mense wat in harmonie saambeweeg.

So ook met die dans waarheen God ons nooi. Die uitnodiging om in pas met die lewende God te leef, is 'n uitnodiging om te deel in God se dans. En dit is 'n

dans van liefde. Daar is ook ander soorte dans: solodanse en oorlogsdanse. Maar nie hierdie een nie. Hierdie is die oorspronklike dans, die dans van liefde.

Ons kleingroep lees nou weer 1 Tessalonisense. Dit is die heel oudste boek van die Nuwe Testament en Paulus skryf reeds hierin oor geloof, liefde en hoop. Hierdie is die belangrikste drie dinge in die lewe. En die liefde staan sentraal.

Dit is onmoontlik om in pas te wees met God sonder dat dit van jou 'n meer liefdevolle mens maak. Die kerk beskryf al vir baie eeue die Drie-eenheid as die dans van die Vader, Seun en Gees. Dit help ons om die Drie-eenheid eerder só te verstaan as met abstrakte beelde.

*Each of the divine persons centers upon the others. None demands that*

## Die grootste hiervan ...

*the others revolve around him. Each voluntarily circles the other two, pouring love, delight, and adoration into them. That creates a dynamic, pulsating dance of joy and love* (Timothy Keller).

God se liefde is nie selfsugtig nie. Dit spoel oor na die wêreld en die hoogtepunt daarvan is Jesus wat tussen ons kom woon en sy lewe gee. So word dit moontlik dat mense deel kan word van die dans van God.

Dit is nie altyd maklik om lief te hê nie. Wanneer Johannes sê dat God die wêreld liefgehad het, is dit nie die wêreld op sy mooiste en beste nie. Dit is die chaotiese, sondige en verlore wêreld met sy chaotiese, selfsugtige en lief-

delose mense.

Paulus skryf vir die Tessalonisense oor die *moeitevolle inspanning* van hulle liefde. In hierdie maand waarin ons romanse vier, klink die idee van liefde wat moeitevolle inspanning verg, vreemd. Maar as ons in pas wil kom met God, is liefde nie iets wat sommer net gebeur nie. Dit het 'n ritme wat jy moet aanleer en inoefen en wat inspanning vra. Dit is baie meer as 'n gevoel, dit is 'n manier van leef en ons leer dit by God.

Geloof, hoop en liefde is die dinge wat altyd bly as ons in pas met God lewe – maar die grootste hiervan is die liefde (1 Kor 13:12).

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.



# NG Kerk groet groot geeste

## GERDRIE VAN DER MERWE

**D**s **Marius Lourens** (64) sterf op 4 Desember 2020 na 'n kort siekbed aan Covid-19 in Port-Elizabeth. Hy was die afgelope 33 jaar predikant van die NG gemeente Vanstadensrivier, 'n vriendelike, saggeaarde en liefdevolle predikant. Hy was lief vir skilder- en beeldhoukuns en trap as kunstenaar-leraar diep spore. Marius is op 23 September 1956 gebore op Robertson en word as plaasseun groot, want sy ouers boer. Hy matriculeer in 1974 op Worcester en studeer op Stellenbosch waar hy die BA-graad verwerf en toegang kry tot die Kweekskool waar hy einde 1986 geëgitimeer word. In die Eikestad is hy voorsitter van die Sendingweek en leef sy talent in kuns en musiek uit. Hy word op 12 Junie 1987 met handoplegging in die NG gemeente Vanstadensrivier ontvang en bevestig, waar hy 'n leeftyd lank die Here as leraar in Port-Elizabeth dien. Hy verwerf in 1977 aan die Kaapstadse Technikon die Diploma in Grafiese Ontwerp met onderskeiding. As musikus hou hy in April 2020 'n klavierkonsert ter nagedagtenis van die Covid-19-sterfgevalle, sonder om te weet dat hy voor Kersfees die eerste stryd teen Covid-19 sal voer en verloor. Hy word oorleef deur sy vrou Mariana en drie kinders.



**D**s **Andries van Heerden** (89) is op 12 Desember 1930 gebore te Belfast waar sy ouers boere is. In 1937 begin sy skoolloopbaan te Weltevrede plaasskool en hy matriculeer in 1948 aan die Hoërskool Belfast. Hy voel geroepe vir die sending en studeer aanvanklik op Wellington en later te Potchefstroom waar hy die BA-graad verwerf. Hierna is hy student aan die Teologiese Seminarium te Stellenbosch en word einde 1957 geëgitimeer. In 1958 word hy sendeling op Witrivier en vertrek in 1960 na Mtubatuba in Noord-Zoeloeland. In 1965 word hy leraar van die NG gemeente Victoria-Wes en in 1969 van die gemeente Rietkuil. Sy pad loop in 1973 na die gemeente Piet Potgietersrus en in 1978 na die gemeente Ermelo-Oos. In 1981 word hy die eerste PSD van die Sinode Oos-Transvaal en aanvaar in 1989 sy emeritaat. In 1993 verhuis die egpaar na Stilbaai en die egpaar is in die laaste paar jaar inwoners van Huis Stilbaai. Hy sterf op 11 Desember 2020 'n dag voor sy 90ste verjaarsdag en 'n herinneringsdiens word deur ds Maans van Lill in Huis Stilbaai gehou. Hy word oorleef deur sy vrou Marie en sewe kinders. Ds Andries van Heerden het diep spore in die NG Kerk getrap en word onthou vir sy liefdesywer in diens van die Meester.



**D**s **Petré Theron** (87) sterf op 7 Januarie 2021 in Mosselbaai na 'n kort siekbed. Petré Theron is op 10 Desember 1933 gebore te Potchefstroom. Sy oupa en vader boer op Kameelpan in die distrik Christiana. Hy matriculeer in 1952 te Potchefstroom en na sy BA-graad aan die Pukke, werk Petré ses jaar lank in die staatsdiens. In 1964 vertrek hy na Stellenbosch, studeer aan die Kweekskool en word einde 1967 as proponent geëgitimeer. Hy aanvaar 'n beroep na die gemeente Hennenman, waar hy in 1968 bevestig word en groot vreugde beleef tussen die boere en lewendige kerkgemeenskap. In 1972 word hy leraar van die gemeente Aurora, 'n liefdesgemeenskap in die Sandveld. Hier het hulle die wonder beleef van blomme oral waar jy kyk: wit, oranje en geel gousblomme wat die hele wêreld bedek. In 1975 aanvaar ds Petré 'n beroep na die gemeente Mondeor in Johannesburg, 'n stadsgemeente met sy eie uitdagings wat hy met wysheid hanteer. Met sy liefdevolle geaardheid en positiewe ingesteldheid, bou hy brúe oor afgronde in die Here se koninkryk. In 1995 na sy aftrede bly die egpaar woon in Mondeor, waarna die egpaar in 2000 verhuis na Danabaai naby Mosselbaai. Hier woon hulle twintig jaar lank, dien die Here en geniet die see en rustigheid van aftrede. Hulle dogter Ida is binne reikafstand, die hartklop van die kerkkantoor van die gemeente Danabaai. Hy word oorleef deur sy vrou Kobie en ses kinders, wat hom die oorstap gun na die Vaderhuis na 'n leeftyd van koninkryksdiens.



**D**s **Francois Preiss** (55) sterf op 16 Desember 2020 in Brackenfell na 'n kort siekbed. Francois Johannes Preiss is op 13 September 1965 gebore in Pinelands. Sy ouers verhuis na Tiervlei en later na Goodwood, waar hy opgroei en in 1983 matriculeer aan die Hoërskool JG Meiring. In 1982 neem hy in die destydse Transvaal aan 'n redenaarskompetisie deel waar Casper de Vries eerste kom en Francois 'n tweede plek behaal. Hy voel geroepe om predikant te word en studeer op Stellenbosch waar hy die grade BA en BTh verwerf. Einde 1989 word hy geëgitimeer en na sy diensplig werk hy tydelik op Fraserburg, Eendekuil en Heidekoppie. Die NG gemeente Heidekoppie beroep hom en hy is van 1992 tot 2005 vaste leraar en van 2007 tot 2018 in 'n termynpos. Ds Francois word beskryf as 'n evangelis wat diep spore in die kerklike lewe trap. In 2018 breek 'n nuwe seisoen in sy lewe aan toe Francois Preiss betrokke raak in leierskapsopleiding by House of Learning. In 2019 skryf Francois in *Kerkbode* oor narsisme in die gemeente en doen aanbevelings wat kosbaar is vir die kerk. Hy was nie gesond nie en na 'n hartomleidingsoperasie het hy nooit volkome herstel nie. Hy was nooit getroud nie en word oorleef deur sy vader Alwyn Preiss (90) en suster Anita Vermeulen. 'n Gedenkdien vind op 23 Desember 2020 plaas in die NG gemeente Heidekoppie.



**D**s **Neels Lamprecht** (90) sterf op 17 Desember 2020 en daar word tydens 'n aanlyndiens in die gemeente Bellville-Uitsig van hom afskeid

geneem. Hy was 'n opregte mens en dinamiese predikant van die NG Kerk. Met ds Neels se charisma en dinamiese prediking kon hy daarin geslaag om 'n gemeente in wonderlike koinonia bymekaar te hou en te bly inspireer. Cornelis Johannes Lamprecht is op 28 Augustus 1930 gebore op Philippolis. Na matriek studeer hy aan die UOVS in Bloemfontein, verwerf die BA-graad, is vanaf 1952 student aan die Teologiese Seminarium op Stellenbosch en word einde 1955 as proponent geëgitimeer. In 1956 word hy leraar van die NG gemeente Suid-Rand in Johannesburg en in 1960 van die gemeente Knysna. Hy vertrek in 1964 na die gemeente Germiston-Suid, waar hy 'n geseënde dekade beleef. In 1974 word hy studenteleraar in die gemeente Universitas in Bloemfontein. In 1978 word hy die PSD vir Ampsbediening in die Kaapse Kerk en aan die begin van 1982 word hy leraar van die gemeente Bellville-Uitsig tot in 1993 met sy emeritaat. Na sy aftrede woon hulle op Stellenbosch en verhuis enkele jare gelede na 'n aftreeoord in Stellenberg waar hy op 17 Desember 2020 sterf. Hy laat sy vrou Zonia en vier kinders agter. 'n Seun, ds Niekie, was in Pretoria-Oos en is afgetree op Knysna. Die een dogter Philna is getroud met ds Carel van Wyk van Suider-Paar, en dan is daar ook Elmari en Suzette.



**D**s **Gert Reinecke** (83) sterf op 6 Januarie 2021 te Murrayfield in Pretoria. Gert Hendrikus Reinecke is op 22 Oktober 1937 gebore te Wolmaransstad. Hy begin in 1945 op Potchefstroom met sy skoolopleiding en matriculeer in 1952 aan die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria. Hy voel geroepe om predikant te word en studeer aan Tukkie waar hy die BA- en BD-grade verwerf en word einde 1961 as proponent geëgitimeer. Hy word in 1962 leraar van die gemeente Kemtonpark-Noord en in 1967 van die gemeente Sesmylspruit, waar hy betrokke is by die bou van 'n kerkgebou en kerksaal. Sy pad loop in 1972 na die gemeente Klerksdorp-Oos en in 1976 na die gemeente Skuilkrans in Pretoria. In dié tyd verloor hulle 'n seun Gerrit, 'n traumatiese ervaring vir die gesin. In 1985 word ds Gert Reinecke leraar van die gemeente Pierre van Ryneveld, waar hy met oorgawe werk tot in 1998 met sy emeritaat. Ds Gert is van 1995 tot 1990 'n Suid-Afrikaanse tennisskeidsregter, 'n taak wat hy met groot regverdigheid verrig het. Alhoewel sy gesondheid die laaste paar jaar baie agteruitgegaan het, bly hulle tot met sy dood woon in hulle huis te Murrayfield. Hy word oorleef deur sy vrou Ina en twee kinders, Anelda en Dewald.



## AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

vind plaas op 28 Februarie 2021 (Huibrecht, Skriba, 03.02.2021).

## NG KERK

**BEROEP:** Ds Heinrich Carstens van Overkruin na PE Lorraine.

**AANVAAR:** Ds L. Pistorius van Louisvale na Upington-Wes; ds CL van Niekerk van NHK van Afrika na Oranjevallei.

## WES-KAAP

## BEVESTIGING

Jacobus Adriaan Maass het die beroep na NG Swartland, Malmesbury aanvaar. Sy bevestiging

## VRYSTAAT

## BYBELGENOOTSKAP

Ds Gerrie van Dyk is die verteenwoordiger van die Bybelgenootskap van SA by die Vrystaat Sinode.

## OOSTELIKE SINODE

## EMERITAAT

NG Kerk Kampersrus het bevestig dat dr Pieter Dorey sy vervroegde emeritaat op 28 Februarie 2021 ontvang (Henda Oosthuizen, Saakgelastigde, 28.01.2021).

# Vriende van kerkbode

Die behoefte aan betroubare en gebalanseerde kerkjoernalistiek groei by die dag.

Jou ondersteuning stel Kerkbode in staat om voort te bou op 'n geskiedenis wat terugstrek tot Januarie 1849

toe die eerste Kerkbode verskyn het met die oorspronklike doel om "godsdienskennis te versprei".

Besoek [www.kerkbode.co.za](http://www.kerkbode.co.za) om uit te vind hoe jy 'n Vriend van Kerkbode kan word.

## GASSKRYWER

# Skeuring, herstel of skikking?

FRITS GAUM

Gerugte en berigte oor "kerkskeuring" is volop, ook (veral?) op die voorblaai van Sondagkoerante. Daar word gesê dat kerkskeuring min of meer onafwendbaar is vanweë die sogenaamde "liberale" koers wat die Algemene Sinode van die NG Kerk ingeslaan het met sy besluit om ruimte te maak vir meer as een standpunt oor selfdegeslagverbintnisse. Sommige van die dolerendes wat treur oor die (baie ewewigtige) besluit van die sinode, meen blykbaar dat die kerk "herstel" moet word na die "oude paden" waar onreg teen mense gepleeg is – voorheen deur apartheid, deesdae deur, onder meer, homofobie met sy verskillende mombakkiese.

Maar het diegene wat 'n herskikking van kerklike strukture bepleit – watter naam hulle ook al daarvoor gebruik – nie dalk 'n punt beet nie? Die sinodale struktuur van die NG Kerk soos ons dit nou ken (en soos dit sedert 1962 bestaan toe die Algemene Sinode tot stand gekom het) is ongetwyfeld onder druk. Dit lyk asof 'n weg gevind moet word wat aan die Algemene Sinode minder "gesag" toeken as wat nou die geval is, groter soepelheid in die kerkverband toelaat en sodoende dalk juis 'n meer aantreklike opsie word vir 'n wyer kring van gereformeerde kerke. Nie "kerkskeuring" nie, maar die aanvaarding van diversiteit in die kerk en daarmee saam die bevestiging van die eenheid in Jesus Christus

wat alle verskille te bowe gaan.

Dalk is dit tyd om van die huidige Algemene Sinode af te sien en te dink aan 'n losser federale verband vir die NG Kerk.

"Federasie" is onder meer 'n term wat dui op samewerking tussen selfstandige verenigings in 'n vaste verband met 'n gemeenskaplike doel (HAT). Dit is 'n term wat vroeër in kerklike verband vir die NG Kerkfamilie gebruik is, maar dit is later laat vaar. Moontlik moet dit weer gebruik word om, enersyds, die selfstandigheid van die verskillende deelnemende (streek)sinodes te erken en, andersyds, die verband met die Algemene Sinode te handhaaf wat dan eerder die Federale Raad genoem kan word met omskrewe adviserende funksies.

Die verskillende streeksinodes en ringe en kerkrade sal binne so 'n gereformeerde raamwerk oor sommige etiese en teologiese sake van mekaar kan verskil – soos nou met Goudland-sinode oor selfdegeslagverbintnisse aan die gebeur is – sonder dat die federale verband en gemeenskaplike geloof daardeur bedreig hoef te word. Kerkrade, ringe en sinodes sal in so 'n bedeling meer vryheid hê om hulle eie besluite te neem in die lig van hulle eie omstandighede en oortuigings. Die grense tussen streeksinodes sal dowwer word – gemeentes en ringe wat in ander sinodale gebiede meer tuis voel (vanweë liturgiese of taal- of selfs dogmatiese redes) sal daarheen kan oorskuif.

Die taal wat in verskillende dele van die kerk gebruik word, sal nie oral dieselfde wees nie. En die inrigting van eredienste en liturgieë wat gebruik word, sal van gemeente tot gemeente verskil om aan plaaslike behoeftes te voldoen (soos nou al aan die gebeur is).

Die NG Kerk sal in so 'n bedeling nie oral dieselfde lyk nie. Maar in plaas van versplintering, kan die eenheid tog nog op verskillende maniere gehandhaaf word deur samewerking en samekoms. Die eenheid tussen gereformeerde kerke in Suid-Afrika kan juis groter vorm kry deurdat daar meer soepelheid en meer verdraagsaamheid sal kan wees. Die NG Kerkfamilie behoort nader aan mekaar te beweeg om in 'n minder rigiede federale verband te verenig. Dalk sal die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ook deel van so 'n nuwe eenheid wil wees. En wie weet, miskien sal selfs die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (die "Doppers"), met hulle enger siening van byvoorbeeld die vrou in die amp, kans sien om deel te word van 'n losser verband waarin hulle hulle identiteit in 'n groot mate kan behou.

Wat die belydenisbasis van so 'n "nuwe" NG Kerk (met 'n ander naam?) betref, sal die moontlikheid van 'n eietydse belydenisskrif ernstig ondersoek moet word. Dit behoort in samewerking met ander gereformeerde kerke in Suid-Afrika te gebeur. Toegegee: Die energie vir so 'n nuwe belydenisskrif is deesdae min – veral omdat die NG Kerk

ná al die jare nog nie daarin kon slaag om die Belydenis van Belhar deur die hele kerk as een van haar belydenisskrifte aanvaar te kry nie, en 'n poging 'n klompie jare gelede om die drie Formuliere van Eenheid in hedendaagse taal te herskryf, stilweg laat vaar is. Die vraag is wel of al die dele van 'n toekomstige federale verband almal dieselfde belydenisskrifte moet hê, en of daar nie ooreengekom sal kan word oor 'n aantal dokumente wat nie noodwendig in alle dele van die kerk die status van 'n belydenisskrif het nie.

Die kerkorde van so 'n losser federale kerkverband behoort ook kort en soepel te wees, terwyl die verskillende streke toegelaat moet word om in 'n groter mate as tans hulle eie kerkordes te hê wat van mekaar kan verskil.

'n Losser federale verband behoort die NG Kerk in staat te stel om diversiteit in haar geledere te duld (dalk self te "vier" en te "omhels") sonder om die eenheid prys te gee. Eenheid in die kerk beteken immers nié eendersheid nie, maar is op stuk van sake 'n diep verbintenis aan Jesus die Here. Nie een van ons het alle wysheid in pag nie, daarom behoort daar groter diens, nederigheid en selfprysgawe onder ons te wees ... en ruimte vir ons almal onder een koms onder sonder om gedwing te word in een knelende keurslyf.

► Dr Frits Gaum is 'n voormalige redakteur van Kerkbode en was skriba van die Algemene Sinode.

## Radio Kaapse Kansel 729AM

Skakel in op Radio Kaapse Kansel 729AM. Dis AM, nie FM nie, so maak seker jy druk die AM/MW knoppie op jou radio en kies dan 729.

Laai die Radio Cape Pulpit App gratis op jou slimfoon.



info@kaapsekansel.co.za



Die volgende Kerkbode  
verskyn op  
5 Maart 2021.

**ALGEMEEN**

**Emeritus** in Pretoria beskikbaar vir aflos in 300 km radius van Pretoria. Kontak Johan de Villiers by mayflower3558@gmail.com

**AKKOMMODASIE**

**BELLVILLE:** Selfsorgeenheid vir 4. Veilige parkeer. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

**BLOEMFONTEIN**

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parkeer. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf R250. Skakel Hanlie, 084 400 2693. hanlidevilliers@webmail.co.za

**VAKANSIE-  
AKKOMMODASIE**

**HERMANUS:** Ruim, bekostigbare selfsorg gesinswoning aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parkeer. Vanaf R600 pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

**JEFFREYSBAAI:** SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

**MOSELBAAI (REEBOK)**

SEE-UITSIG vakansiewoning bestaande uit 2 ruim selfsorg-wooneenhede (2½- en 3½- slaapkamer). Heeljaar beskikbaar. 90 km na KKNK. 083 508 4289.

**REEBOK/TERGNIET  
(MOSELBAAI)**

**2 slaapkamerwoning (slaap 4) aan huis. Volledig toegerus. Baie netjies. Private tuin, onderdakbraaieriewe. Dwarsdeur die jaar beskikbaar. Geen troeteldiere. Skakel 083 651 4517.**

**ST LUCIA:** Bly twee dae in ruil vir R750 pd en kry 'n derde dag gratis. Ten volle toegeruste selfsorgmeenthuis met DSTV en WiFi in veiligheidskompleks. 3 slaapkamers, slaap 6, 2 badkamers. Jammer geen troeteldiere. Aanbod geldig tot 1 November 2020. 035 590 1098, wetlands@iafrica.com

**UVONGO:** Selfsorgwoning. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

**WILDERNIS:** ARENDSNES. Volledig toegeruste 2 slaapkamer, see-uitsig, selfsorgwoning met binnebraai, DSTV, slaap 4/5. Beaty 083 231 0315, 044 877 0471. beatyv@absamail.co.za

**NG GEMEENTE JEFFREYSBAAI****VAKATURE: Leraarspos (Opdrag Gemeenteleier)****GEMEENTEPROFIEL:**

Die NG gemeente Jeffreysbaai is 'n gemeente geleë aan die Oos-Kaapse kus. Die gemeente het ongeveer 4 300 belydende en 370 dooplidmate en drie leraars en vier herders. Meer as 50% van die lidmate is pensioenarisse.

**LERAARSPROFIEL:**

- Die leraar moet in alles wat hy doen in afhanklikheid tot die Here funksioneer.
- Die leraar moet goed kan funksioneer binne verhoudings.
- Die leraar moet die vermoë hê om strategies te dink en ook die strategiese planne uit te voer.
- Die leraar moet in spanverband funksioneer en die vermoë besit om die span saam te neem.
- Die leraar moet 'n passie hê vir die bestuur van die bedryfskant van die gemeente.
- Gemaklik met die gebruik van multimedia en ander sosiale platvorms.
- Dinamiese prediking bly steeds een van die leraar se passies.

**POSBEKRYWING:**

- Sal aangestel word onder Artikel 9 van die Kerkorde.
- Die leraar se fokus sal wees op:** Strategiese leiding, geestelike leiding, gemeentebestuur, motivering, monitoring, kommunikasie.
- Ondervinding in hierdie verband sal 'n aanbeveling wees.

**VERGOEDINGSPAKKET:**

'n Vergoedingspakket word aangebied op grond van die beginsel "totale koste tot werk-gewer" wat gebaseer is op sinodale riglyne van die Oos-Kaap.

**AANSOEKE:**

Aansoek moet die volgende insluit:

- Volledige CV en dekbrief ter motivering waarom u geroepe voel om hierdie taak op te neem.
- Drie referente met kontaknommers.
- Stuur u aansoek na ngkjbaai@gmail.com
- Aansoekers moet beskikbaar wees vir onderhoud.
- Sluitingsdatum: Maandag 8 Maart 2021.**
- Diensaanvaarding:** 1 Junie 2021 of so gou moontlik daarna.

**NAVRAE:**

Leon Mostert: +27825569488  
Ernie Bignault: +27825500391  
Leraars: Ds Janida van der Westhuizen: +2783 703 2018  
Ds D Higgs: +2782 492 9032

*Die gemeenteraad behou die reg voor om nie noodwendig die pos uit enige van die aansoeke te vul nie.*



# TEOLOGIESE OPLEIDINGSTRUST PRETORIA

**BELASTINGVERLIGTING:  
TEOLOGISTUDENTE BAAT**

Deur 'n bydrae vir Teologiese Opleidingstrust Pretoria ('n Openbare Weldaadsorganisasie wat ook Art 18A sertifikate uitreik) te gee, verminder jy jou belastingaanspreeklikheid. Teologiestudente, vir wie daar andersins min beurse bestaan, baat daarby .

**Kontak:**

Dr Flip du Toit. Tel: 062 119 0255 / 0827817076 of admin@teotrust.org

**NG GEMEENTE PRIESKA****VAKATURE: MEDELERAAR  
(VOLTYDSE ONBEPAAALDE TERMYNPOS)**

*Prieska: God se fontein waar almal welkom is.*

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die pos van bedienaar van die Woord.

**GEMEENTEPROFIEL:**

Die volgende is vir NG gemeente Prieska uiters belangrik:

- Ons gereformeerde belydenis, tradisie en spiritualiteit.
- Geloofsonderskeidende leierskap wat moeite doen om die wil van God te soek en te gehoorsaam.
- Ons missionêre roeping: Die gemeente is in die proses om 'n missionêre roeping te formuleer.
- Ons wil 'n liefdesgemeenskap wees (verhoudingsgerig) wat in die samelewing en breër gemeenskap 'n verskil maak.
- Ons wil 'n inklusiewe gemeenskap wees wat almal wat die evangelie van Jesus Christus wil hoor, ongeag wie hulle is, met ope arms verwelkom en ontvang.
- NG Prieska bestaan uit vier streke en drie preekpunte. Prieska bestaan uit 'n Bergstreek, Rivierstreek, Marydale- en Niekerkshoopstreek.

**LERAARSPROFIEL:**

- 'n Persoon wat na aan die Here leef.
- 'n Skrifgetroue prediker.
- 'n Persoon wat ons gereformeerde belydenis liefhet.
- 'n Persoon wat ons gemeentelid en almal in ons breër gemeenskap sal liefhê.
- 'n Persoon wat al ons gemeentewardeste met ons deel en ons sal help om te word wat ons glo ons moet wees, maar nog nie is nie.
- 'n Persoon wat in spanverband kan en wil saamwerk.
- 'n Persoon wat intensieel en doelgerig sal bou aan verhoudings deur middel van doelgerigte huisbesoek en wyksbyeenkomste.
- 'n Persoon wat intensieel sal bou aan ekumeniese verhoudings.

**VERGOEDING:**

Die vergoedingspakket is onderhandelbaar met die sinodale skaal en ander voordele en riglyne as basis. Die gemeente beskik nie meer oor pastorieë nie, daarom word 'n behuisingstoelaag voorsien (standplaas Prieska).

**AANSOEKE:**

- Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV (maksimum drie bladsye), sowel as die name van drie referente met kontakbesonderhede. Stuur asseblief ook 'n gesinsfoto saam. Gee u MBTI-profiel of 'n soortgelyke persoonlikheidsprofiel.
- Die aansoek moet aan [ngkprieska@telkomsa.net](mailto:ngkprieska@telkomsa.net) gestuur word.
- SLUITINGSDATUM vir aansoek: 05 Maart 2021.**
- Kandidate moet vir 'n onderhoud beskikbaar wees. Dit sal wenslik wees indien die eggenoot/eggenote deel van die gesprek kan wees.
- Indien u vroeë het, kontak ds Rudi Janse van Vuuren (084 549 9153) of die voorsitter van die kerkraad oudl Danie Crafford (082 674 7161).

*Die kerkraad behou die reg voor om nie net uit die aansoek te beroep of enigsins 'n aanstelling te maak nie.*

# Dana op reis

Dana Snyman  
Foto: Adrian de Kock



## Hoe gemaak met twyfel?

**D**ie leiklip met die Apostoliese Geloofsbelydenis op het al die jare in Pa se studeerkamer gehang.

Ná sy dood in 2010 het ek dit van die muur gehaal en saam met van sy ander persoonlike goed in 'n trommel gepak: telegramme en briewe, ou sakboekies, 'n stapel rooirug Croxley-aanteekeningboeke waarin hy elke preek met die hand neergeskryf het, foto's, koerantknipsels.

Onlangs het ek die trommel weer oopgemaak. Heel onder was daardie klip, toegedraai in 'n ou handdoek, asof ek dit vir myself wou wegsteek.

Dit is 'n sware, plat stuk ding: Pa het dit by iemand op Daniëlskuil gekry – in daardie koppies rondom die dorp is baie leiklip – en vir Oupa geneem toe ons een Desember-vakansie na hom en ouma Myra toe is. Natal toe. Suidkus toe.

Oupa Danie was 'n anderster man, wat stories vertel het van hoe hy kamma vir lank in 'n snuifmyn in Sibirië gewerk het. Hy het homself leer klavier speel en het beelde van sement gemaak en hy kon mooi teken. In sy hart was Oupa 'n kunstenaar.

Maar hy moes jonk-jonk die huis verlaat. Hulle was baie arm en hy moes help geld verdien. Hy het 'n motorwerktuigkundige geword en het later 'n bietjie met piesangs geboer. Op sy oudag het hy in die telefoonsentrale op Umzambe naby Port Shepstone gewerk.

Oupa het slegs nagdiens gewerk, en dis dáár, in die geboutjie langs die poskantoor op Umzambe, waar hy snags gesit het met 'n skerpbeektangetjie en 'n rol dun koperdraad terwyl hy tussen-deur die sentrale moes beman en mense se oproepe na die regte nommers moes deurskakel. Hy het die draad in kort stukkie geknip en die letters van die Geloofsbelydenis een vir een met die tangetjie tot die regte vorm gebuig en



Foto verskaf

met koue lym op die leiklip geplak: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde ..."

Lettertjie vir lettertjie, elkeen presies gevorm, asof hy dit met 'n pen op die klip geskryf het. "En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here ..."

Hoeveel nagte dit Oupa geneem het om daarmee klaar te kry, weet ek nie. Ek was in standerd 6 toe hy oorlede is. Ek onthou net toe ons ná die vakansie terugry Daniëlskuil toe, was die klip weer in die motor, met die Geloofsbelydenis daarop.

Ek is van altyd af bewus van die Geloofsbelydenis, nes ek nog altyd van die Bybel bewus is. Jy is ses of sewe jaar

oud en is op 'n Sondagoggend in die kerk, dan sê jou pa, die predikant, julle moet opstaan en die woorde agter hom aan sê: "Ek glo in God die Vader ... wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria. Wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en begrawe is en ter helle neergedaal het ..."

Jy is nie mooi seker wat presies jy alles sê nie, maar jy weet jy moet net glo wat jy saam met die ander agter jou pa aan herhaal, anders doen jy sonde wat jou in die hel kan laat kom.

In die katekisasie leer jy ook van die Geloofsbelydenis en hoe jy moet glo wat daar staan as jy geloofsekerheid wil hê.

Nou, hoeveel jaar later, is dit nie vir my maklik om te erken ek sukkel om alles te glo wat in die Geloofsbelydenis staan nie. Het God die hemel en die aarde sommer net so geskape? Wat van evolusie? En was Maria werklik 'n maagd toe Jesus gebore is?

Ek sê vir myself: Glo dit net, glo dit net, glo, glo, glo. Glo. Maar as jy party dinge eers ontglo het, is dit moeilik, byna onmoontlik, om dit weer te glo.

Ek kan nie meer soos 'n kind glo nie al wil ek ook.

Miskien wou Oupa Danie vir my iets daarvoor probeer sê toe hy my van die wit perd vertel het. Hy was 'n wyse man, Oupa, al het hy byna altyd kaalvoet geloop en het party mense gedink hy is mallerig.

Ons het die dag Port Shepstone toegery in sy Datsun-bakkietjie, net ons twee. In die verte, doer voor, was elektrisiteitskabels – 'n kraglyn – hoog oor die pad gespan, soos 'n mens oral kry.

"Wanneer ons onderdeur daai kraglyn ry," het Oupa gesê, "kan jy enigiets wens, en daai wens sal waar word – mits jy nie aan 'n wit perd dink nie."

Ek het aan allerhande wense gedink wat ek wil hê waar moet word hoe nader ons aan die kraglyn gekom het. Dat die vakansie vir ewig moet aanhou. Dat ons ook by die see moet kom woon, soos Oupa-hulle, dat ...

"Maar, onthou, jy mag nie aan 'n wit perd dink nie," het Oupa my herinner toe ons naby die kraglyn is.

En toe ons onderdeur die kraglyn gaan, kry ek nie iets gewens sonder om aan 'n wit perd te dink nie. Hoe meer jy dink om nie aan 'n wit perd te dink nie, hoe meer dink jy aan 'n wit perd.

Oupa het sy hand vir 'n paar oomblikke op my skouer laat rus, asof hy my wou troos.

Is dit nie met geloof ook 'n bietjie só nie? As jy eers oor party belangrike sake begin twyfel, is dit soos daardie wit perd waaraan jy nie kan ophou dink wanneer jy weet jy moenie daaraan dink wanneer jy onder 'n kraglyn deur ry nie.

Ek is 'n onseker, twyfelende gelowige wat glo aan God, die Groot Misterie, en soms sy teenwoordigheid in die toevaligheid van my lewe ervaar.

Ek steur my aan die sekerhede van die wetenskap, maar dit maak nie vir my die Misterie minder nie.

Soms wonder ek oor Oupa. Hy het nie gereeld in die kerk gekom nie. Miskien was dit omdat hy moes skoene aantrek, of miskien was hy ook 'n twyfelaar, nes ek. Miskien was die Geloofsbelydenis wat hy op die klip geskryf het, lettertjie vir lettertjie, altesame 598 van hulle, elkeen perfek na sy eie handskrif gebuig, vir hom 'n soort boetedoening.

Wanneer ek weer dorp toe gaan, moet ek tog onthou om by die hardewarewinkel aan te gaan om goed te kry om die klip teen my muur op te hang.



Ons bestuur jou geld met meer as 150 jaar se gesamentlike kundigheid, ervaring en vaardigheid.  
Presies soos ons eie.

www.krugerinternasionaal.co.za 011 726 7700 admin@krugerinternasionaal.co.za  
PRETORIA | MOSSELBAAI | JOHANNESBURG | SOMERSET-WES | PORT ELIZABETH | GEORGE